

DIE KATEGORIE VAN DIE ENKELING

BY SØREN KIERKEGAARD EN MAX STIRNER

deur

ANDREW PIETER DU TOIT

VERHANDELING

voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes vir die  
graad

MAGISTER ARTIUM

in

WYSBEGEERTE

in die

FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE

aan die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

STUDIELEIER: PROF. P.S. DREYER

NOVEMBER 1971

I N H O U D

	<u>Bladsy</u>
<u>VOORWOORD</u>	(i)
<u>INLEIDING</u>	(ii) - (iv)
<u>HOOFSTUK 1</u>	1 - 8
<u>DIE PROBLEEM VAN DENKE EN SYN</u>	
<u>HOOFSTUK 2</u>	9 - 44
<u>DIE ENKELING EN VERWANTE EKSISTENSIEBEGRIPPE</u>	
2.1 Die stel van die self en selfkeuse	10 - 14
2.2 Selfbewussyn	15
2.3 Moontlikheid en wording - eksistensie - essensie - reële syn en ideële syn	15 - 25
2.4 Die enkeling as eindig en oneindig	26 - 31
2.5 Die sprong	31 - 35
2.6 Die oomblik	35 - 38
2.7 Die enkeling "voor God"	38 - 44
<u>HOOFSTUK 3</u>	45 - 51

DIE ENKELING AS GEES

Bladsy

HOOFSTUK 4

52 - 59

DIE ENKELING EN WAARHEID

HOOFSTUK 5

60 - 78

DIE ENKELING EN DIE ETIESE

5.1	Die enkeling hoër dan die universele	60 - 62
5.2	Die imperatief	63 - 65
5.3	Etiek en moraliteit	65 - 69
5.4	Vryheid	69 - 75
5.5	Enkeling en Massa	75 - 78

HOOFSTUK 6

79 - 93

DIE ENKELING EN DIE RELIGIEUSE

SLOTBESKOUIING

94 - 99

KRONOLOGIE

100 - 101

BIBLIOGRAFIE

102 - 107

## VOORWOORD

Aanvanklik is die studie onder leiding van wyle prof. D.C.S. Oosthuizen van Rhodes University aangepak en sou dit handel oor "Die verhouding tussen die etiese en die religieuse stadiums by Søren Kierkegaard". My verhuising na Pretoria vanaf Grahamstad in 1969 en die skielike afsterwe van prof. Oosthuizen het daartoe bygedra dat daar van die oorspronklike projek op daardie stadium weinig te reg gekom het. Prof. P.S. Dreyer van die Universiteit van Pretoria, waar ek toe vir die Magistergraad ingeskryf het, het goedgunstelik ingewillig om as studieleier op te tree.

Prof. Dreyer het aan die hand gedoen dat die onderwerp van die verhandeling verander word na: "Die kategorie van die enkeling by Søren Kierkegaard en Max Stirner". Die reeds ingesamelde stof is volgens hierdie gewysigde tema benut.

My opregte dank aan prof. Dreyer vir sy goeie leiding.

ANDREW PIETER DU TOIT.



## INLEIDING

Die doel van hierdie studie is om die kategorie van die enkeling in die werke van Søren Kierkegaard (1813 - 1855) en Max Stirner (1806 - 1856), skuilnaam van Johannes Caspar Schmidt, te vergelyk.

So 'n vergelykende studie is myns insiens sinvol om verskeie redes. Albei het ongeveer in dieselfde tyd hul filosofieë geskrywe, maar in twee verskillende wêrelddele. Kierkegaard skryf in sy moedertaal, Deens, terwyl hy in Denemarke woonagtig was, behalwe tydens enkele kort buitelandse reise. Stirner skryf in Duitsland sy belangrikste werk Der Einzige und sein Eigenthum (1845). Daar is geen aanduiding dat hierdie twee filosowe mekaar se werke gelees het nie; Kierkegaard se werk was op daardie stadium heeltemal onbekend in Duitsland en dit is te betwyfel of Stirner Deens magtig was. Indien Stirner Kierkegaard gelees het, sou sy filosofie heel moontlik anders daaruit gesien het, of hy sou dalk sy Der Einzige und sein Eigenthum nooit gepubliseer het nie!

Kierkegaard het wel deeglik kennis geneem van die Duitse filosowe en by name die Hegeliaanse rigting. Daar is egter geen aanduiding dat Kierkegaard van Stirner se werke onder oë gehad het nie, alhoewel so 'n moontlikheid seker nie uitgesluit is nie. Dat hulle mekaar enersyds of wedersyds beïnvloed het, is te betwyfel. Teen die tyd dat Der Einzige

und sein Eigenthum verskyn het, het Kierkegaard se filosofie reeds sy beslag gevind in belangrike werke soos Either - Or (1843), Fear and Trembling (1843), Philosophical Fragments (1844), The Concept of Dread (1844) en Stages on Life's Way (1845). Dat beide Kierkegaard en Stirner die Duitse Idealisme van hulle tyd aanval, is seer seker nie uitsonderlik nie, en dat albei oor die heersende filosofiese vraagstukke van hulle tyd skryf, behoort reeds voldoende grond vir 'n vergelykende studie te wees.

Merkwaardig is egter dat Kierkegaard en Stirner, op 'n wyse wat groot ooreenkoms toon, met die heersende filosofiese probleme van daardie tydperk worstel. Soos aange-ton sal word, is hul uiteindelijke bevindinge wyd uiteenlopend, maar beide stel uitdagend teenoor die Idealisme die "Kategorie van die enkeling". Hierdie sentrale tema by Kierkegaard en Stirner bied verdere grond vir 'n sinvolle vergelykende studie. Die verdere motivering vir die studie is dat by die aanwending van baie van die kategorieë, begrippe en terme by Kierkegaard dit byna ongelooflik is dat Kierkegaard nie kennis gedra het van Stirner se Der Einzige und sein Eigenthum nie.<sup>1)</sup>

- 
1. Die meeste van Kierkegaard se werke is gepubliseer onder een of ander pseudoniem. In hierdie werkstuk sal die volgende metode gevolg word ter wille van duidelikheid: die skuilnaam van Johannes Caspar Schmidt, te wete Max Stirner, sal deurgans gebruik word; die Kierkegaard pseudonieme word nie gebruik nie, behalwe in die verwysings waar die outeur aangedui word streng volgens die publikasie, hetsy 'n skuilnaam aldan nie.

In verband met die gebruik van die woord "enkeling" moet die volgende opgemerk word om enige moontlike terminologiese verwarring te vermy: die begrip "der Einzelne" soos dit voorkom in die werk van Stirner kan vertaal word met "die enkeling" - en dit is omtrent dieselfde as wat Kierkegaard bedoel met "hiin Enkelte". 'n Mens sou "der Einzelne" en "hiin Enkelte" onder andere ook kon vertaal met "die individu" soos byvoorbeeld in die Engelse vertalings van Kierkegaard se werk. Die vertaling "individu" kan egter misleidend wees aangesien die standpunt gestel kan word dat elke mens "individu" is, maar elkeen is nie "enkeling" in die sin van wat Kierkegaard en Stirner daaronder verstaan nie. In hierdie werkstuk sal die term "enkeling" gebruik word om "Einzelne" en "Enkelte" weer te gee; en waar die term "individu" voorkom, word dit gebruik in die meer algemene sin van "persoon" of "'n enkele persoon". Waar Stirner "der Einzige" gebruik, kan dit vertaal word met "die unieke een" of "die enige" met die strekking daarby van enkel en geïsoleerd te wees.

--- oOo ---

H O O F S T U K 1

DIE PROBLEEM VAN DENKE EN SYN

Beide Kierkegaard en Stirner se siening van die verhouding denke en syn, is sentraal vir die korrekte verstaan van hul onderskeie filosofieë. Aangesien hierdie probleem besonder wyd is, word slegs sekere belangrike aspekte ondersoek.

Kierkegaard stel die korrelasie tussen denke en syn, want alleen met die korrekte korrelasie van die eksistensiekategorieë denke en syn kan die werklikheid aangetoon word. Kierkegaard stel as voorveronderstelling die eksistensie van die enkeling.<sup>1)</sup> Deur eksistensie word bedoel 'n komplekse handeling van die enkeling in die tyd.<sup>2)</sup> Die dasein kan alleen gedink word as dit gedink word as 'n relatiewe beweging van die eksistensie in die tyd. Die dasein is dus uitdrukking van 'n innerlike handeling, 'n handeling van die eksisterende enkeling - handeling in die sin van "meer dan" blote denke.

- 
1. Johannes Climacus, Philosophical Fragments or a Fragment of Philosophy, p. 50. "Thus I always reason from existence, not toward existence, whether I move in the sphere of palpable sensible fact or in the realm of thought. I do not, for example, prove that a stone exists, but that some existing thing is a stone."
  2. Johannes Climacus, Concluding Unscientific Postscript to the Philosophical Fragments, p. 296. "What is abstract thought? It is thought without a thinker. Abstract thought ignores everything except the thought, and only the thought is, and is in its own medium" verder: "What is concrete thought? It is thought with a relation to a thinker, and to a definite particular something which is thought, existence giving to the existing thinker thought, time, and place."

En dit geskied in die tyd, met ander woorde dit kan aangedui word deur waarneming. Die eksistensie en die denke kan in die vorm van 'n sirkel voorgestel word - die sirkel is naamlik die denke, waarin die eksistensie gevange is en wanneer denke gestel word, word meteen ook eksistensie geimpliseer en omgekeerd.<sup>1)</sup>

Die eksistensie is die medium van die denke. Die denke bestaan nie los van die eksistensie nie, trouens dit is 'n voorwaarde vir die eksistensie. Netso is omgekeerd die eksistensie 'n voorwaarde vir die denke. Denke en syn vind mekaar dus in die eksistensie; die enkeling moet dink om te kan eksisteer en hy moet eksisteer om te kan dink.<sup>2)</sup> By denke en syn is die enkeling 'n sentrale begrip, want dit is alleen die enkeling wat eksisteer, wat handel, wat homself realiseer wanneer hy as denkende en synende subjek handel.

Kierkegaard maak 'n onderskeid tussen wat hy noem kwantitatiewe dialektiek en kwalitatiewe dialektiek.<sup>3)</sup> Hiermee word bedoel dat die logiese ondersoek en verklaring van die eksistensie kontradiktories is, dit wil sê logiese kontra-

- 
1. Heine Schmid, Kritik der Existenz, p. 168 "Es gibt einen Kreis, in dem die Existenz gefangen liegt, und dieser Kreis ist das Denken. Und man darf sogar sagen : Es gibt einen Kreis, in dem der Existierende endgültig gefangen liegt, nämlich eben das Denken. Und weil und indem er im Denken gefangen liegt, liegt er auch in der Existenz gefangen".
  2. Ibid., op. cit., p. 172. et seq.
  3. Johannes Climacus, Concluding Unscientific Postscript, part two.

diksies word in die handelende ontvouing van die eksistensie blootgelê. Of die kontradiksies werklike kontradiksies of skynkontradiksies is, is in hierdie basiese stadium van die ontvouing van die eksistensie nie ter sprake nie. Die belangrike is dat die eksistensie dialekties is en hierdie dialektiek is kwalitatief of kwantitatief. Die kwantitatiewe dialektiek is immanente dialektiek van die denke. Dit beteken dat rein denkbewegings meetbaar is deur en in die immanente denke. Die dialektiese beweging wat hier plaasvind, vind bloot in die denke plaas en kan alleen beoordeel word volgens die reëls waarvolgens die denkarbeid geskied. Veronderstel 'n kontradiksie word gestel deur en in die immanente denke, is die kontradiksie gestel vanuit en binne die denkraamwerk van die immanente denke en dus alleen meetbaar aan die logiese reëls van die immanente denke. Rein denke is dus rein in die sin van enkele en inherente denke onderworpe enkel en alleen aan die logiese reëls van die enkele denke.<sup>1)</sup> Indien die denkarbeid van die rein denke konsekwent geskied, is dit steeds kwantitatief - meetbaar aan sigself.

Vir Kierkegaard kan die kwantitatiewe dialektiek nié die werklikheid gee nie, want die enkeling is meer dan rein denke, hy is eksisterende, handelende enkeling wat sig besig hou nie net met die dinge wat hy dink nie, maar ook met

---

1. "Enkele" word hier gebruik in die sin van "enigste" (dit kan nie iets anders wees nie) en "uniek" (aan die spesifieke enkeling).

dit wat hy nie kan dink nie en terselfdertyd nie nie kan dink nie. 1) 2)

Hierdie dialektiese beweging van jouself besig te hou met dit wat jy nie kan dink en tog nie anders kan om dit nie te dink nie, is die kwalitatiewe dialektiek. Hierdie beweging kan alleen in die eksistensie plaasvind. Juis deurdat die enkeling eksisteer word dit duidelik - wanneer die individu handel as eksisterende, ondervind by hierdie beweging en tree hy toe tot die wêreld van die werklikheid. J. Sperna Weiland stel dit so dat vir Kierkegaard die werklikheid meer is dan die logiese, want my esse is meer dan cogito : tot die realiteit behoort ook die enkeling.<sup>3)</sup> Daar is dus 'n sekere kwaliteit aan so 'n handeling van die enkeling en die kwaliteit lê daarin dat die enkeling nou tot die werklikheid toe tree, hy transendeer, hy oorskry die immanente denke. Hierdie beweging van wat in die eksistensie geskied, dit wil sê waar die enkeling tot die realiteit behoort, is wat Kierkegaard noem, die "sprong".<sup>4)</sup>

- 
1. Johannes Climacus, Concluding Unscientific Postscript, p. 293 "A particular existing human being is surely not an Idea, and his existence is surely something quite different from the conceptual existence of the Idea."
  2. J. Heywood Thomas, Subjectivity and Paradox, p. 105 "The philosopher is always trying to express something that cannot be expressed. This is what lends his thinking the passion that Kierkegaard tells of. He points out that this is characteristic of the ordinary individual as well as the philosopher in so far as 'in thinking he participates in something transcending himself'."
  3. J. Sperna Weiland, Philosophy of Existence and Christianity, p. 19.
  4. Ibid., op. cit., p. 19 "Thought and being are disconnected by a "leap": thought and reality are disconnected in the same way. The freedom of the "leap" is the "inter-esse" in the unbroken completeness of the system."



In Kierkegaard se filosofie oor denke en syn word die enkeling dus sentraal gestel. Dit gaan hier om wat die enkeling doen. In die Concluding Unscientific Postscript word gesê dat indien 'n saak gemaak word vir 'n absolute logiese sisteem, daar geen ruimte is vir die mees kritieke fase van werklike syn nie, naamlik die eksisterende individu.<sup>1)</sup> Individue handel en hierdie handeling is 'n partisipasie in denke, maar dit gaan ook om iets wat die enkeling transendeer. Die enkeling handel, hy eksisteer as enkeling; en hy alleen, as enkeling, kan denke en syn in eksistensie ervaar, want dit is sy handeling en nié 'n ander s'n nie. Deur te eksisteer ervaar hy as enkeling, en hy alleen, die werklikheid.

Net soos Kierkegaard, kom Stirner ook in opstand teen die beskouing van die spekulatiewe filosofie wat van die veronderstelling uitgaan wat denke gelyk is aan syn. Volgens die spekulatiewe filosofie is wat jy dink die werklike, die eintlike waarheid van die wêreld, die waarheid self. Die "idee" is iets bokant en in 'n sekere sin losstaande van die enkeling. Die "idee" het sy eie bestaansreg en die "idee" as sodanig moet gesoek word deur die enkeling. Die Mens is 'n "idee" volgens hierdie teorie; die "idee" mens is die ideaal wat die mens moet soek, want alleen die idee mens is waarheid en werklikheid. Die "idee" is, volgens hierdie siening, 'n losstaande entiteit buite of bokant die mens;

---

1) p. 273.

dit beteken die enkeling is nie volledig opsigself sonder die "idee" nie - trouens, die klem val só sterk op die idee, dat die enkeling misken word. En juis hierteen kom Stirner in opstand.

Stirner gaan uit van die standpunt van die gegewendheid van die menslike natuur wat opsigself 'n eenvoudige eenheid vorm. Die enkeling is reeds menslik vanuit sy gegewendheid en hoef nie nog menslik te word nie. Hy hoef nie te strewe na iets soos menslikheid nie.<sup>1)</sup> Die "ek" is nie sonder denke nie en ook nie nêr denke nie. Denke is deel van die gegewendheid van die enkeling, die denke is nie wyer as die enkeling se eiendom nie.<sup>2)</sup> Eiendom beteken dit wat die enkeling vir homself toe-eien; en dit wat hy vir homself toe-eien, is dit wat hom konstitueer as enkeling.

Net soos die denke deel is van die eiendom van die enkeling, so is die idee ook eiendom van die enkeling. Wanneer 'n enkeling 'n "idee" snap, is dit sý idee en hyself is die realiteit daarvan. Die idee as sodanig het geen aparte realiteitsbestaan buite of bokant die enkeling nie.<sup>3)</sup>

Werklike syn is vir Stirner die enkeling en buite die enkeling bestaan daar geen werklike syn nie; trouens,

- 
1. Max Stirner, Der Einzige und sein Eigentum, p. 439
  2. Ibid., op. cit., p. 470
  3. Ibid., op. cit., p. 454

syn apart van die enkeling, is nie denkbaar nie. Die realiteit is hiermee afgebaken as dat dit alleenlik in die eksistensie van die enkeling tot uitdrukking kom en met die verdere belangrike stelling dat slegs ék van my syn kan praat of dit kan aanvaar. Die syn van 'n ander is by implikasie vir my ontoeganklik en my syn is vir andere totaal ontoeganklik.

By 'n vergelyking van Stirner en Kierkegaard oor denke en syn, val die volgende op: Beide doen weg met die gedagte dat "idee" gelyk is aan syn en dat die "idee" 'n transendente karakter het, wat hy die bereiking daarvan die werklike syn stel. Kierkegaard én Stirner stel die eksisterende enkeling as die sentrale begrip in die soeke na 'n relasie tussen denke en syn. Die eksistensie is 'n handeling of beweging van die ek in die tyd, iets meer dan net 'n blote denkbeweging, want die hele persoon is intens betrokke by die eksistensie. Vir beide is die handeling van die ek as eksisterende geslote in die sin van dat "ek" alleen my syn is en ken. Die "wyer" siening van Kierkegaard lê in die kwalitatiewe beweging van die eksistensie. Kierkegaard sou moontlik vir Stirner daarvan beskuldig dat hy volgens sy standpunt nog nie die kwantitatiewe denke ontsnap het nie, want volgens Stirner is die eksistensiebeweging van die enkeling alleen enkel en inherent; die enkeling kan nie buite homself tree nie. Dit is reeds duidelik op hierdie stadium van die argument dat eksistensie vir Stirner nie dieselfde beteken as vir Kierkegaard nie.

Kierkegaard stel daarenteen die moontlikheid van kwalitatiewe denke; juis deur te eksisteer betree die enkeling die wêreld van die werklikheid, nié die werklikheid van die "idee" nie, maar die werklikheid van dit wat hy nie kan dink nie en terselfdertyd nie anders kan as om te dink nie - dit wil sê die enkeling tree in relasie tot dit wat hom transendeer. Met die stel van die "sprong" waarmee die enkeling transendeer, blyk dit dat Kierkegaard 'n wyer inhoud aan die begrip eksistensie gee dan Stirner. Kierkegaard stel die moontlikheid dat die enkeling gekonfronteer kan word met dit wat "anders" of "nie denkbaar en tog denkbaar" is, terwyl Stirner so 'n moontlikheid uitsluit. Kierkegaard stel 'n wyer dimensie van denke en syn en stel sodoende die moontlikheid vir 'n eties-religieuse beskouing.<sup>1</sup>

Kierkegaard se begrip "werklikheid" het ook 'n breër inhoud dan wat Stirner onder werklikheid verstaan. Die enkeling alleen konstitueer en ervaar die werklikheid as "ek" en "myne", en die werklikheid word gestel deur die geslote eksistensiële handeling van die enkeling, aldus Stirner. By Kierkegaard word die werklikheid juis eers gestel wanneer die enkeling in relasie kom tot die onbekende deur die stel van die kategorie "sprong", waardeur die enkeling tot 'n nuwe dimensie toetree, die dimensie van die werklikheid.

---

1. Heini Schmid, op. cit., p. 170 "Die Trennung von Denken und Sein in der Existenz ist ontologisch ein Faktum. Sie darf nicht durch spekulatives Denken verwischt oder aufgehoben werden, vielmehr muss, was ontologisch wahr ist, auch ethisch gültig sein und also ethisch wahr gemacht werden."

## H O O F S T U K 2

### DIE ENKELING EN VERWANTE EKSISTENSIEBEGRIPE

- 2.1 Die stel van die self en selfkeuse
- 2.2 Selfbewussyn
- 2.3 Moontlikheid en wording - eksistensie - essensie - reële syn en ideële syn
- 2.4 Die enkeling as eindig en oneindig
- 2.5 Die sprong
- 2.6 Die oomblik
- 2.7 Die enkeling "voor God"

## 2.1 Die stel van die Self en Selfkeuse

Uit die voorafgaande hoofstuk is dit duidelik dat die enkeling as "ek" of "self" 'n bepaalde karakter en aard het. Kierkegaard stel die kategorie van die "self" en hierdie kategorie word vasgehou in die sin van dat dit 'n noodsaaklike kategorie is. Om te kan eksisteer moet die self gestel word. Om die eksistensie te kan verstaan, word die begrip self gestel; dit is dus 'n verstaanskategorie en terselfdertyd ook 'n eksistensiekategorie. Die enkeling eksisteer in kategorieë en die self is die basis en 'n voorveronderstelling vir die eksistensie.

Dat die self sigself stel, is 'n kontradiksie en meteen ook dialekties. Hierdie eksistensiële beweging wat plaasvind wanneer die self sigself stel, is 'n innerlike beweging van die enkeling.<sup>1)</sup> In 'n sekere sin kan gesê word dat die self "oor" sigself kom - eers deur sigself te stel, word hy 'n self.

---

1. Johannes de Silentio, Fear and Trembling, p. 146. "The self is a relation which relates itself to its own self, or it is that in the relation (which accounts for it) that the relation relates itself to its own self; the self is not the relation but (consists in the fact) that the relation relates itself to its own self."

Hierdie moontlikheid wat daar vir die enkeling bestaan om homself te stel as self, gee meteen die basis vir 'n etiese handeling.<sup>1)</sup> Dit beteken dat die enkeling as homselfkennende eksistensieël handel, bewus van homself as "ek".

Die vraag kan gestel word: wat moet onder "self" verstaan word vóórdat die self sigself stel? As die self sigself nog nie gestel het nie, kan daar gepraat word van self of het ons met 'n "ander" self te doen? Stellenderwys kan hier net gesê word dat vir Kierkegaard die mens wat eksisteer die eties-religieuse mens is; die estetiese mens (dit is die mens wat "sintuiglik" lewe, die sinlike) eksisteer nie op hierdie wyse nie. Die self wat homself nog nie as self gestel het nie, is die estetiese mens.

Die stel van die self is ook sigself kies. Die sigself kies is die grondslag van die menslike eksistensie. Die enkeling kies sigself (dialekties) as keusekennende, wel bewus dat hy sigself stel. Om jouself te kies beteken nie

---

1. Johannes Climacus, Concluding Unscientific Postscript, p. 507 "If the individual is dialectical in himself inwardly in self-assertion, hence in such a way that the ultimate basis is not dialectic in itself, inasmuch as the self which is at the basis is used to overcome and assert itself, then we have the ethical interpretation".

alleen om jouself te ken nie, maar ook om jouself te kan beoordeel.<sup>1)</sup> Hierdie keuse is 'n innerlike handeling wat in vryheid geskied, die enkeling het slegs met homself te doen.

Die verdere implikasie van sigself stel is dat hierdie eksistensiële beweging ook gesien kan word as selfskepping. Die mens kies homself, hy stel homself (as eties - religieuse mens) en wat hy is, is wat hy self gestel of geskep het.<sup>2) 3)</sup>

Volgens Stirner is die self die skepper van die self; en die self word uit niks geskep: "Ich bin Nichts im Sinne der Leerheit, sondern das schöpferische Nichts, das Nichts, aus welchem Ich selbst als Schöpfer Alles schaffe."<sup>4)</sup> Hiermee word bedoel dat daar nie gesoek moet word na 'n grond waaruit

- 
1. Harvey Albert Smit, Kierkegaard's Pilgrimage of Man, p. 82. "Thus the what of choice is not important. What is important is how one chooses". Vgl. ook die Concluding Unscientific Postscript, p. 181 et seq.
  2. S.U. Zuidema, Denkers van Deze Tijd, p. 19. "Zijn leven ligt in zijn hand : hij beschikt in vrijheid over eigen toekomst en eigen toekomstig zijn, en zo "wordt" hij in vrije self-aktualisering, in "vrije" causaliteit".
  3. Friedrich Carl Fischer, Existenz und Innerlichkeit, p. 47 "Das Selbst ist das Lebendige in uns, durch das wir in allen Stadien des Lebens mit dem Lebensganzen verbunden sind. Es ist das, was uns in jeder Daseinsform unser Lebensglück, das heisst : die Verbundenheit mit dem Leben, und unsere Lebensnot, das heisst : die Notwendigkeit, uns den Forderungen und Drohungen, dieses Lebens in jedem Stadium immer wieder neu zu stellen, fühlen lässt."
  4. Max Stirner, op. cit., p. 8



die self gestel word nie. Indien so'n grond aangedui kan word waaruit die self sy oorsprong het, sou dit beteken dat vir 'n ander self, 'n ander persoon, ook 'n grond vir die self aangedui kan word wat dan die moontlikheid sou stel vir 'n gemeenskaplike grond vir verskillende individue. So 'n gemeenskaplike grond word per definisie deur Stirner uitgesluit. Stirner wil aan die enkeling geen verbintenis met enige essensie of gemeenskaplike realiteit toeken nie.- die eingingste relasie waarin die self staan, is 'n relasie tot sigself en hierdie relasie tot sigself is 'n eie skepping.

Die beswaar teen hierdie standpunt is dat dit van meet af op 'n skeptisisme uitloop. Indien die self alleen in relasie tot sigself staan en in geen ander relasie kan tree nie, maak dit hierdie relasie vir die buitestander 'n onbegryplike relasie. Stirner probeer sê dat individu A alleen tot sigself in relasie staan en dat 'n individu B geen begrip kan vorm van hierdie relasie nie.

Terwyl Kierkegaard in die "sigself kies", waardeur die self in 'n relasie tot sigself kom, bloot die houding van die self wil verklaar as eksisterende mens binne verdere kategorieë wat gestel word, ontken Stirner die bestaan van enige kategorieë wat buite die eindomlike van die self val. Kierkegaard sien dit so dat die enkeling juis homself stel wanneer hy in relasie staan met dit wat hom transendeer - dit geskied met die stel van die kategorie "sprong".

Stirner sê die self kan nie "buite sigself" tree nie, die self se eksistensiële (in die sin van wesenlike) samestelling is niks anders dan 'n selfsoeke, 'n insigself tree en aan sigself gebonde. Die grense van die self is die eiendom van die self en niks meer nie.<sup>1)</sup>

En tog het die self, volgens Stirner, die vermoë om as 'n soort klankbord die wêreld op te vang en dit te gebruik.<sup>2)</sup> Die self kan die wêreld tot sy voordeel gebruik, maar die self is eintlik in geen wesenlike relasie tot die wêreld nie. Die wêreld is niks anders dan 'n illusie of 'n verskyning (appearance) nie - na sy wese is die wêreld 'n illusie, die enigste realiteit is die enkeling en alleen die enkeling het primêre eksistensie.<sup>3)</sup>

- 
1. Karl Löwith, Von Hezel zu Nietzsche, p. 340. "Denn =meine= Aufgabe ist nicht das Allgemein-Menschliche zu realisieren, sondern mir selbst zu genügen. Als Ich hat der mensch überhaupt keinen =Beruf= und keine =Bestimmung= mehr sondern er =ist=, was er jeweils sein kann, nicht weniger und nicht mehr. Im einziger kehrt der Eigner in sein =schöpferisches Nichts = zurück, aus welchem er geboren wird."
  2. Martin Buber, Between Man and Man, p. 61. "Here this Unique One 'consuming himself' in 'selfenjoyment' is the only one who has primary existence; only the man who comes to such a possession and consciousness of himself has primary existence - on account of the unity and omnipotence of our I that is sufficient to itself, for it lets nothing be but itself." Thus the question of an essential relation between him and the other is eliminated as well".
  3. Max Stirner, op. cit., p. 324 et seq.

## 2.2. Selfbewussyn

Selfbewussyn is by Kierkegaard 'n eksistensiebegrip waar die versoening tussen denke en syn plaasvind. Die self (wat 'n ontologiese feit is) word in relasie tot sigself verbind. Wanneer die self gestel word, tree die self toe tot die werklikheid. Maar nou moet daar ook 'n wyse wees waardeur die self die werklikheid ervaar, en dit geskied deur die selfbewussyn. In die selfbewussyn word die werklikheid ervaar en die werklikheid is 'n interaksie tussen denke en syn. Die selfbewussyn is 'n eksistensiële handeling wat geskied deur innerlikheid, met ander woorde die enkeling ervaar dit innerlik. Die innerlike ervaring is dus die eerste ervaring van die werklikheid terwyl die uiterlike handeling of die idee in concreto die tweede betekenis van eksisteer gee. In 'n sekere sin identifiseer die enkeling hom dus met sy denke om daarin te eksisteer. Stirner gee geen noemenswaardige aandag aan die selfbewussyn nie.

## 2.3 Moontlikheid en Wording - Eksistensie - Essensie - Reële Syn en Ideële Syn

In die begrip enkeling is vasgelê dat alle mense wesenlik gelyk aangê is en onder gelyke stipulasies en voorwaardes staan, aldus Kierkegaard. Elke enkeling is vanuit sy grond moontlikheid (dit wat hom as enkeling konstitueer). Die enkeling besit inherent sekere moontlikhede, moontlikheid

wat gerealiseer kan word of nié gerealiseer kan word nie. Dit behoort dus tot die wesenlike gegewenheid van die enkeling dat hy moontlikheid is en dat die moontlikheid werklikheid kan word wanneer die moontlikheid gerealiseer word.<sup>1)</sup> Moontlikheid en werklikheid val dus nié saam nie; dit kan gestel word dat moontlikheid niks anders is dan ongerealiseerde "self".<sup>2)</sup>

Juis wanneer die self gestel word, soos reeds aange-  
toon, word moontlikheid realiteit. Hierdie realisering van die moontlikheid is vir Kierkegaard die etiese daad. Op bl. 284 van die Postscript stel hy dit so: "Ethically regarded, reality is higher than possibility. The ethical proposes to do away with the disinterestedness of the possible, by making existence the infinite interest" en verder op dieselfde bladsy: "This ethical reality is the only reality which does not become a mere possibility through being known, and which can be known only through being thought; for it is the individual's own reality."

- 
1. Johannes Climacus, Philosophical Fragments, (Commentary by Niels Thulstrup) p. 236. "One could express this more accurately by saying : change, motion is the actualization of the possible, insofar as it is possible."
  2. Johannes Climacus, Philosophical Fragments, p. 91. "But such a being, which is never the less a non-being, is precisely what possibility is; and a being which is being is indeed actual being or actuality; and the change of coming into existence is a transition from possibility to actuality."

Vir Stirner is die mens nie meer as wat hy kan wees nie. Wat hy kan wees, is nie m $\grave{e}$ er as wat hy kan wees nie. Die enkeling is dus moontlikheid, met ander woorde moontlikheid is nie meer of minder as wat die enkeling is nie. Moontlikheid is wat die enkeling in werklikheid is.<sup>1)</sup> Stirner sien die saak dus anders dan Kierkegaard. Waar moontlikheid in Kierkegaard se werk ongerealiseerde "self" is, is moontlikheid vir Stirner dit wat die enkeling realiseer, dit wat hy is, dit wat hom konstitueer. Vir Stirner geld die beginsel ook dat elke mens kan bereik wat 'n ander bereik, dit wil s $\acute{e}$  dat alle mense wesenlik gelyk aangel $\hat{e}$  is.<sup>2)</sup> Maar volgens Stirner het die enkeling geen toegang tot die moontlikhede van 'n ander enkeling nie; "my" moontlikhede is maar net wat "ek" is en wat "ek" aandui as "my" moontlikhede is maar net wat "ek" as enkeling "realiseer".

- 
1. Max Stirner, op cit., p. 439. "Wohlan, die Menschen sind, wie sie sein sollen, sein können. Was sollen sie sein? Doch wohl nicht mehr als sie sein können! Und was können sie sein? Auch eben nicht mehr als sie - können, d.h. als sie das Vermögen, die Kraft zu sein haben. Das aber sind sie wirklich, weil, was sie nicht sind, sie zu sein nicht im Standesind: denn im Stande sein heisst - wirklich sein. Man ist nichts im Stande, was man nicht wirklich ist, man ist nichts im Stande zu thun, was man nicht wirklich thut. Könnte ein am Staar Erblindeter sehen? Oja, wenn er sich den Staar glücklich stechen liesse. Allein jetzt kan er nicht sehen, weil er nicht sieht. Möglichkeit und Wirklichkeit fallen immer zusammen. Mann kann nichts, was man nicht thut, wie man nichts thut, was man nicht kann."
  2. Max Stirner, op cit., p. 176. "Du zeigst wohl, was ein Mensch leisten kann, aber weil Du, ein Mensch, das leistest, darum können Andere, auch Menschen, es noch keineswegs leisten: Du hast es nur als einziger Mensch verrichtet und bist darin einzig."

Dit is belangrik om op hierdie stadium van die betoog duidelikheid te kry oor wat presies bedoel word met eksistensie. Eksistensie hang nou saam met begrippe soos moontlikheid en wording. Die menslike eksistensie volgens Kierkegaard is primêr geen syn, maar wording. Eksistensie is innerlike, spontane beweging - 'n innerlike handeling van die enkeling wat nou saamhang met die begrippe wat reeds onder bespreking was - denke, syn, die self, selfkeuse, selfbewussyn, moontlikheid, wording ens. Nou geld dit ook vir Kierkegaard dat die menslike eksistensie in die sin van wording op geen wyse deur 'n logiese sisteem beheers of gekontroleer kan word nie. Dit is juis die enkeling wat eksisteer as enkeling, as unieke individu op sy besondere manier. Wording, verandering, beweging - dit wat eksisteer beteken, kan juis nié staties wees nie en is nie logies vooruitbepaalbaar nie.

Wanneer die enkeling eksisteer, word die oorgang gestel van moontlikheid na werklikheid. Met elke eksistensiële handeling betree die enkeling 'n ander werklikheid. Elke eksistensiële handeling is uniek en eie aan homself, 'n produk van vrye wilsbeslissing uit moontlikhede ten aansien van 'n bepaalde te gerealiseerde moontlikheid.<sup>1)</sup>

---

1. S.U. Zuidema, op. cit., p. 19. "Zijn leven ligt in zijn hand: hy beskikt in vryheid over eigen toekomst en eigen toekomstig zijn, en zo 'wordt' hij in vrye zelf - actualisering, in 'vrye causaliteit'."



Stirner stel dit duidelik dat die enkeling alleen bestaan binne die grense van die self.<sup>1)</sup> Die enkeling is wat hy is, hy is mens, hy hoef nie nog iets te word anders as wat hy is nie. Hy hoef ook nie homself te word nie, want hy is dit reeds. Dit is wel so dat die enkeling se lewe in sy eie hand lê, hy beskik oor sy lewe, sy vryheid sy doen en late. Kierkegaard sê om te eksisteer is iets meer dan net te wees wat jy is, trouens jy word meer dan jou moontlikhede, en dit is meer dan wat jy is, die enkeling is juis uniek omdat hy meer kan wees as wat hy is (sy moontlikhede). Wat bedoel Kierkegaard met wording? Wanneer die self in 'n toestand van nie-syn is, dit wil sê wanneer die self moontlikheid is en nog nie gerealiseer is nie, kan die self gestel word en dit gebeur (deur 'n transisie) wanneer moontlikheid aktualiteit word. So 'n realisering van die moontlikheid is nie 'n noodwendige stap nie, dit is 'n vrye wilsbeslissing, 'n spontane innerlike eksistensiële beweging. Wanneer die self gestel word en werklik geaktualiseer word, tree die self in 'n relasie tot sigself. Hierdie beweging van die eksistensie is om enkeling te word.<sup>2)</sup> Op p. 84 van die Concluding Unscientific Postscript word dit so gestel:

- 
1. Fritz Mauthner, Der Atheismus und Seine Geschichte im Abendlande, p. 214. "Stirner will nicht sagen, die Welt sei sein Eigenthum; nur: was nicht Eigenthum des Einzigen werden kann, das existiert nicht. Staat, Gesellschaft, Gott, Sünde, Majorität, das existiert nicht. Das ist Spuk. Die Menschheit oder der Mensch existiert nicht."
  2. Martin Buber, op. cit., p. 71. "Kierkegaard's 'to become a Single One' is, as we have seen, not meant socratically. The goal of this becoming is not the "right life, but the entry into a relation. 'To become' means here to become for something, 'for' in the strict sense which simply transcends the circle of the person himself."

"The principle that the existing subjective thinker is constantly occupied in striving, does not mean that he has, in the finite sense, a goal toward which he strives, and that he would be finished when he had reached this goal. No, he strives infinitely, is constantly in process of becoming."

"Wording" in die sin waarin Kierkegaard dit gebruik, stel die moontlikheid vir 'n etiese lewe.<sup>1)</sup> Die enkeling wat in die staat van nie-wording (dit wil sê in die staat van moontlikhede) verkeer, is die estetiese mens. Kierkegaard sou Stirner daarvan kon beskuldig dat Stirner se begrip van die enkeling nog bloot op die vlak van die estetiese lê - Stirner stel geen moontlikheid vir die etiese handeling nie. Die enkeling volgens Stirner is 'n selfsugtige wat slegs sy eie voordeel soek en geen verantwoordelikheid het behalwe ten opsigte van homself nie.

Wording is ook nou verbind met die begrippe essensie reële en ideële syn. In die Philosophical Fragments word dit ook duidelik gestel dat wanneer gepraat word van reële syn, dan is dit sinneloos om te praat van 'n mindere of 'n meerdere mate van syn - "a fly, when it is, has as much being as the God;"<sup>2)</sup> So is by reële syn geen sprake van 'n variasie in essensie nie, maar wanneer gepraat word van ideële syn, dan

- 
1. J. Sperna Weiland, op. cit., p. 27. "What man is, is an aesthetic question: for his 'being' is possibility and he is his own possibility. What man becomes is an ethical question, for becoming as act is reality."
  2. Voetnota p. 51, 52.



het ons te doen met essensie en nie met syn nie. Hieruit blyk dus dat essensie in relasie staan tot wording. Wanneer die self gestel is, het wording realiteit geword en het ons met syn te doen. Hierdie beskouing is veral belangrik ten opsigte van die Godsbegrip - "For the difficulty is to lay hold of God's factual being and to introduce God's ideal essence dialectically into the sphere of factual being."<sup>1)</sup>

Dit beteken dat die rasonele op sigself nié as die reële gesien kan word nie, want dit sou beteken dat die enigste beweging waaroor sprake is, in die verstand plaasvind - dus sou die voorwaarde vir wording nié moontlik wees nie. Die geïnteresseerdheid van die enkeling is alleenlik met homself as eksisterende enkeling; sy geïnteresseerdheid is nié in 'n sisteem wat op suiwer denke gebaseer is nie, want so 'n sisteem van suiwer denke is nie by magte om die kritieke fase van reële syn, naamlik die eksisterende enkeling te interpreteer nie. Reële syn is vir Kierkegaard dus verbind met wording; wording is wat jy veronderstel is om te wees of kan wees, terwyl ideële syn gekoppel word aan noodsaaklikheid, dit wat jy noodwendig moet wees of noodwendig behoort te wees. "All coming into existence takes place with freedom, not by necessity."<sup>2)</sup>

---

1. Johannes Climacus, Philosophical Fragments, p. 52

2. Ibid., p. 93

Op 'n heel besondere wyse trek Stirner ook te velde teen die spekulatiewe filosofie wat essensie en ideële syn as hoogste werklikheid stel. Stirner ontken dat daar êrens iets soos die essensie van die mens afsonderlik van of buite die mens sou bestaan. Mense wat hulself besig hou met so 'n soeke, is soos mense wat na spoke soek.<sup>1)</sup> 'n Spook word gewoonlik beskrywe as iets wat bestaan maar wat nié waargeneem kan word nie, dit kan nie "vasgevat" word nie, omdat dit nie 'n "liggaam" het nie. Hierdie en soortgelyke kenmerke van 'n spook kan analoog gebruik word ten opsigte van hulle wat 'n ryk van die wesens stel.<sup>2)</sup> Volgens hierdie siening sou die essensie van die mens êrens bestaan losstaande of buite die enkeling, netsoos die idee buite en losstaande van die enkeling sy eie bestaansreg het. Stirner verwerp die gedagte dat 'n ding soos essensie enigsins op hierdie wyse aangedui kan word.

By Stirner is die begrippe wese en essensie sinoniem. Die probleem, volgens Stirner, is dit: daar is mense wat die essensie op een of ander wyse wil manifesteer, dit wil sê tasbaar en waarneembaar wil maak. Hierdie sogenaamde essensie moet een of ander voorkoms hê. Die essensie moet dan een

- 
1. Max Stirner, op. cit., p. 52. "Met den Gespenstern gelangen Wir ins Geisterreich, ins Reich der Wesen."
  2. Ibid., p. 53. "Hinter der daseienden Welt suchten sie das "Ding an Sich", das Wesen, sie suchten hinter dem Ding das Unding."

of ander liggaamlike voorkoms hê, 'n ware en adekwate gestalte. En hierdie sfeer van die verskyning van wesens (of essensies) is die sfeer van die religieuse, by name die Christendom. "Die Wesen allein und nichts als die Wesen zu erkennen und anzuerkennen, das ist Religion: ihr Reich ein Reich der Wesen, des Spukes und der Gespenster".<sup>1)</sup> Volgens die siening van diegene wat in 'n ryk van wesens glo, is hierdie sfeer van die wese of essensie, die enigste waarheid - die essensie gee die ware mens. So is ook die Liberalisme 'n religie omdat dit die essensie van die enkeling stel, want dit verhef die mens in dieselfde mate as wat enige religie sy God of afgod verhef.<sup>2)</sup>

Nou is dit juis so volgens Stirner dat die praktyk bewys dat in die diepste van hierdie "wesenlike" mense die Duiwel dikwels skuil. Nee, sê Stirner, die enkeling is geen hoëre wese met 'n stoflike bedekking nie. Die enkeling is geen inwonende wese nie, hy is geen manifestasie van wese of essensie nie. Volgens hom bestaan daar nié iets soos wese of essensie bokant die mens nie, want per definisie is daar

---

1. Max Stirner, op. cit., p. 54

2. Cf. Max Stirner, op. cit., p. 229

niks wat bokant of buite die enkeling kan bestaan nie.<sup>1)</sup>

Stirner beskou dit nie as nodig dat die essensie van die enkeling enigsins aangetoon word nie - die enkeling is wat hy is, en enige relasie van die enkeling ten opsigte van wese of essensie, bring die gevaar mee dat hy in 'n relasie te staan kan kom tot iets wat buite hom is of nié tot hom of sy eiendom behoort nie.

Vir Stirner kan die teenstelling reële en ideële syn alleen opgehef word, as albei vernietig word. As die ideële die reële word, is dit nie meer die ideële nie. Wanneer ek 'n idee snap, is dit reeds gerealiseer, want ek is sy realiteit - die realiteit van die idee bestaan slegs daarin dat ek, die liggaamlike ek, dit het. Stirner wil dus nie praat van 'n idee in die sin van onrealiseerde syn of ideële syn nie. Die enigste realiteit is die realiteit van die enkeling. Op p. 470 van Der Einzige und sein Eigentum stel hy dit so: "Vor meinem Denken bin - Ich. Daraus folgt, dass meinen Denken nicht ein Gedanke vorhergeht, oder dass mein Denken ohne eine "voraussetzung" ist. Denn die

---

1. Max Stirner, op. cit., p. 55. "Du bist freilich nicht der Mensch und Seine wahre und adäquate Gestalt, sondern nur eine sterbliche Hülle desselben, aus welcher er ausscheiden kann, ohne selbst aufzuhören; aber für jetzt hauft dieses allgemeine und höhere Wesen doch in Dir und Du gegenwärtigst Mir, weil ein unvergänglicher Geist in Dir einen vergänglichen Leib angenommen hat, mithin Deine Gestalt wirklich nur eine "angenommene" ist, einen Geist, der erscheint, in Dir erscheint, ohne an Deinen Leib und diese bestimmte Erscheinungsweise gebunden zu sein, also einen Spuk."

Voraussetzung, welche Ich für mein Denken bin, ist keine vom Denken gemachte, keine gedachte, sondern ist das gesetzte Denken selbst, ist der Eigner des Denkens, und beweist nur, dass das Denken nichts weiter ist, als - Eigenthum, d.h. dass ein "selbständiges" Denken, ein "denkender Geist" gar nicht existirt." En omdat die mens uit niks gestel word, is sy realiteit ook eintlik niks - hierdie standpunt loop dus uit op 'n nihilisme.

Die ooreenkoms tussen Kierkegaard en Stirner se sieninge van essensie, reële en ideële syn lê daarin dat beide op verskillende maniere die gedagte van 'n "ideeryk" of 'n sisteem van suiwere denke verwerp, daar dit die eksisterende enkeling misken. Die verskil in hulle menings lê daarin dat Kierkegaard, deur die begrippe soos wording en moontlikheid te stel, nog steeds ruimte gee vir begrippe soos essensie, ideële en reële syn aangesien dit vir hom eksistensiekategorieë word waarmee hy die eksistensiële beweging van die enkeling in 'n uiteindelijke relasie tot die "Gans andere" stel.

Die inhoud wat Kierkegaard gee aan begrippe soos wese, essensie, ideële en reële syn, plaas juis die enkeling as eksisterende sentraal, terwyl Stirner met dieselfde doel om die begrip enkeling 'n sentrale plek te gee, uit vrees dat die enkeling in relasie tot iets buite homself mag tree en dus sy identiteit as enkeling mag verloor, summier begrippe soos "ideële" en "essensie" afmaak sonder om aan hierdie begrippe 'n ander of nuwe inhoud te gee.

## 2.4 Die Enkeling as Eindig en Oneindig

"Existence is a synthesis of the infinite and the finite, and the existing individual is both infinite and finite."<sup>1)</sup> Hierdie stelling van Kierkegaard lê ten grondslag van sy beskouing van die enkeling. Die enkeling is tegelyk eindig en oneindig.<sup>2) 3)</sup>

Nou is dit nodig om eers te verstaan wat Kierkegaard bedoel met eindig. Die enkeling is eindig (in die breë sin) omdat die enkeling se aardse bestaan aangetoon kan word deur tydsbegrippe, hy word gebore en hy sterwe. Die enkeling is eindig - hy is tyd- en wêreldgebonde, hy is op homself gerig vir sy bestaan as enkeling in hierdie wêreld.

Kierkegaard gee egter 'n verdere betekenis van eindig - die enkeling is eindig in die sin van dat hy die moontlikheid besit om as keusekennende, keusewillende en handelend volgens keuses deur die wêreld te gaan. Die enkeling het na sy wese hierdie moontlikheid om eindig te wees. Die feit dat hy die moontlikheid het om as keuse kennende, keusewillende en handelend volgens sy keuses deur die wêreld te gaan, sê nog nie dat hy dit bewustelik, vrywillend en met passievolle geïnteresseerdheid wel doen nie. Die staat waarin die enkeling verkeer wanneer hy ongeïnteresseerd, sonder passie en sonder vryheid handel, noem Kierkegaard die estetiese stadium.

- 
1. Johannes Climacus, Concluding Unscientific Postscript, p. 350
  2. Anti-Climacus, The Sickness unto Death, p. 163. "However, a self, every instant it exists, is in process of becoming, for the self *κατὰ δύναμιν* (potentially) does not actually exist, it is only that which it is to become. In so far as the self does not become itself, it is not its own self; but not to be one's own self is despair."
  3. Cf. Edward John Carnell, The Burden of Søren Kierkegaard, p. 56, et seq.

Die enkeling is na sy wese eindig, maar hy moet dit ook word.<sup>1)</sup> Wanneer die enkeling wel as geïnteresseerde in vryheid, as keusekennende en keusemakende individu handel, is die enkeling in wat Kierkegaard noem die etiese stadium. In hierdie stadium is die enkeling eindig, maar sy keuses gaan gepaard met die passievolle geïnteresseerdheid as keusekennende. Die enkeling in hierdie stadium van eksistensie, is nog nié gekonfronteer met die "Gans Andere" nie, het geen religieuse belewenis nie, maar tree slegs eties op - hy is nog nie oneindig nie, hy het slégs eindig geword. Die enkeling se moontlikheid om eindig te word is nou gerealiseer, hy is 'n etiese mens.

Dit wat die enkeling ervaar as die eindig-oneindige, konstitueer die religieuse stadium. Hierin lê 'n kontradiksie, dat die enkeling kan besluit as keusekennende om eindig-oneindig te wees: die enkeling in die tyd (as eindige) eksisteer in die tyd, as tydgebondene, maar hy besluit ook as tydgebondene in vryheid oor sy oneindigheid.<sup>2)</sup> Omdat dit gestel word dat die enkeling ook oneindig is, is in hierdie grondstelling reeds die moontlikheid gestel, dat die enkeling

- 
1. J. Sperna Weiland, op. cit., p. 27. "Man is 'finite and infinite' : but he must become 'finite or infinite' Existence is becoming and with becoming the 'aut-aut' is posited."
  2. Alexander Dru (red.) The Journals of Søren Kierkegaard, p. 189. "The most tremendous thing which has been granted to man is the choice, freedom."



na die "Gans Andere" kan reik, dat hy in die eksistensie ook oneindig kan lewe. Hierin lê die moontlikheid van religieuse lewe.<sup>1) 2)</sup>

Moontlikheid is om eindig en oneindig te wees - maar in die moontlikheid is eindig - oneindig onlosmaaklik verbind. Waar die "wording" van die enkeling eindig - oneindig aangedu word, is hierdie begrippe óók onlosmaaklik verbind.

Die stelling dat die enkeling oneindig is, stel met- een die moontlikheid vir die enkeling om die tydelike te transendeer, om buite die eindige te tree. Hoe dit presies gebeur, word later aangetoon.

- 
1. J. Sperna Weiland, op. cit., p. 27. "What man is, is an aesthetic question : for his 'being' is possibility and he is his own possibility. What man becomes is an ethical question, for being as act is reality. The 'finite' and the 'infinite' is the possibility of religious life : To choose : 'finite or infinite' is the never ending task of ethical-religious existence."
  2. Harvey Albert Smit, op. cit., p. 72. "But Kierkegaard's latest and most complete sketch of the stages lists four; the aesthetic, the ethical, the Religiousness A and the paradoxical Religiousness. It would seem plain that the movement to each higher stage is brought about, as Wyschograd indicates, by the introduction of the eternal, but further by the introduction at each stage of a different eternal. It is the abstract eternal of the universal and of law that raises man from the aesthetic to the ethical; it is the introduction of an immanent eternal as one's immortal self, an eternal within man himself, that permits the accent to Religiousness A; and it is the eternal outside of man, God in time, and the eternal beyond man, his future eternal blessedness, which brings the leap to Christianity. At each stage a different eternal enters in and brings about the change, but all by the same name - the eternal."



Dit moet opgemerk word dat Kierkegaard se stelling van die enkeling as eindig - oneindig, nie alleen kontradiktories is nie, maar dat die enkeling in 'n sekere sin dualisties is. Eindig - oneindig is die teenoorgesteldes wat gestel word terwyl daar in hierdie kategorie ook die sintese van die teenoorgestelde gestel word. Die sintese blyk uit die voorafgaande nooit 'n werklike sintese te wees nie, eerder dat die twee teenoorgesteldes (eindig - oneindig) steeds in 'n sekere spanningsrelasie tot mekaar staan.<sup>1) 2)</sup>

Stirner stel dit duidelik dat die enkeling eindig is. Die eindige ek, dit is maar net die ek - die enkeling is niks meer en niks minder dan eindig nie. Na sy wese is hy eindig in die sin van dat hy verganklik is - dit wil sê die eerste betekenis van eindig wat aangedui kan word. Die enkeling is gebonde aan homself, en na sy wese is hy verganklik.

Daar is ook by Stirner 'n tweede betekenis van eindig : die enkeling is eindig in die sin van dat wat hy is en wat tot sy wese en eksistensie in hierdie wêreld behoort, slegs beperk is tot sy tydelike, aardse eksistensie. Die enkeling is totaal gebind aan die grense van wat homself konstitueer, en dit is eindig. Die enkeling as eindige wese is sy ware self. Dit beteken in teenstelling met

- 
1. Anti-Climacus, The Sickness unto Death, p. 163. "The Truth of this is inherent in the dialectical fact that the self is a synthesis (of two factors), the one of which is constantly the opposite of the other."
  2. Cf.. Walter Schulz Søren Kierkegaard, p. 21 et seq.

Kierkegaard dat daar geen moontlikheid "binne" of "buite" die enkeling bestaan om met iets in aanraking te kom of in relasie te staan tot iets wat anders dan eindig is nie. In 'n sekere sin kan gesê word dat die begrip oneindig vir Stirner geen inhoud het nie. Stirner se uiteensetting van die begrippe eindig - oneindig word duidelik gestel in sy betoog teen Fichte en Feuerbach:

"Wenn Fichte sagt: "Das Ich ist Alles", so scheint diess mit meinen Aufstellungen vollkommen zu harmoniren. Allein nicht das Ich ist Alles, sondern das Ich zerstört Alles, und nur das sich selbst auflösende Ich, das nie seiende Ich, das - endliche Ich ist wirklich Ich. Fichte spricht vom "absoluten" Ich, Ich aber spreche von Mir, dem vergänglichen Ich.

Wie nahe liegt die Meinung, dass Mensch und Ich dasselbe sagen, und doch sieht man z.B. an Feuerbach, dass der Ausdruck "Mensch" das absolute Ich, die Sattung, bezeichnen soll, nicht das vergängliche, einzelne Ich. Egoismus und Menschlichkeit (humanität) müsten das Gleiche bedeuten, aber nach Feuerbach kan der Einzelne (das "Individuum") "sich nur über die Schranken seiner Individualität erheben, aber nicht über die Gesetze, die positiven Wesensbestimmungen seiner Satung." Allein die Sattung ist nichts, und wenn der Einzelne sich über die Schranken seiner Individualität erhebt, so ist diess vielmehr gerade Er selbst als Einzelner, er ist

nur, indem er sich erhebt, er ist nur, indem er nicht bleibt, was er ist; sonst ware er fertig, todt. Der Mensch ist nur ein Ideal, die Sattung nur ein Gedachtes. Ein Mensch sein, heiss nicht das Ideal des Menschen erfüllen, sondern sich, den Einzelnen, darstellen. Nicht, wie Ich das allgemein Menschliche realisire, braucht meine Aufgabe zu sein, sondern wie Ich Mir selbst genüge. Ich bin meine Sattung, bin ohne Norm, ohne Gesetz, ohne Muster u. dgl."<sup>1)</sup>

Dit blyk dus dat Stirner met 'n ander probleem te doen het dan Kierkegaard. Stirner wil die gevaarlike standpunt vermy dat die enkeling enigsins sou kon gekonstitueer word binne die raamwerk van 'n ideële "ek" of die "mens". So 'n "borkoepelende" idee van "Mensheid" of gedagte wat losstaande is en bokant die enkeling sou bestaan, is vir Stirner absurd. Enige wesenlike kenmerk of inherente element wat as enkeling aangedui kan word binne die raamwerk mensheid, is nie enigsins moontlik nie.

## 2.5 Die Sprong

Die "sprong" is 'n sentrale begrip in die filosofie van Kierkegaard. Die "sprong" is in 'n wye sin gestel die kulminasiepunt, die vertrekpunt, die relasiiepunt, die kern van sy betoog. Hoe geskied die oorgang van denke en syn?

---

1. Max Stirner, op. cit., p. 239, 240

Met die sprong. Hoe word die werklike self gestel? Met die sprong. Moontlikheid word wording deur die sprong. Die werklikheid word gestel met die sprong en moontlikheid word opgehef. Met die sprong kom die enkeling in relasie met die oneindige en is hy soos reeds aangetoon, oneindig. Nie alleen bogenoemde begrippe kom ter sprake wanneer die sprong gestel word nie, daar is ook 'n menigte ander - eksistensie, die stel van die self, keuse, die oomblik, passie, angs en vertwyfeling, vrees, refleksie, noodsaaklikheid, gees, skuld, sonde ens.

Vir die doel van hierdie werk word slegs die volgende as belangrik geag:

In die eerste hoofstuk van hierdie werk is reeds aangetoon dat die enkeling tot die werklikheid toetree deur die sprong, dat die enkeling die immanente oorskry as handelende subjek en tot kwalitatiewe denke toetree ('n dialektiese beweging).<sup>1)</sup> Met die sprong word daar dus 'n nuwe kwaliteit gestel. In hierdie eksistensiële beweging is die ganse mens betrokke en met die toetrede van die enkeling tot die werklikheid, word die werklikheid dan ook gestel. Die wêreld

---

1. Heini Schmid, op. cit., p. 114. "Wer zur Wirklichkeit kommen will, muss über das immanente Denken hinauskommen, und das eben geschieht durch den qualitativen Sprung. Da liegt auch der Unterschied zwischen der quantitativen und der qualitativen Dialektik. Die quantitative Dialektik ist Immanenzdialektik des Denkens, die qualitative ist Transzendenzdialektik des Existierens, und erst im Existieren werden die Begriffsunterschiede klar und relevant."

van die werklikheid is dus vir Kierkegaard die wêreld van kwaliteite : dus, werklikheid is hoër dan abstrakte denke.

Met die sprong kom die enkeling tot die besef dat hy as enkeling as keusemakende mens, met verantwoordelikheid en geïnteresseerdheid deel het aan die werklikheid. Die enkeling maak sekere keuses en beslissings terwyl hy besef dat sy handeling konsekwensies kan hê wat hy nie voorsien nie, byvoorbeeld dat hy 'n keuse maak en nie met sekerheid weet wat die gevolge van sy keuse presies sal wees nie en nogtans volgens sy beslissing handel. In hierdie sin kan daar gepraat word van 'n sprong in onsekerheid.<sup>1)</sup> Die begrip "sprong" dui nie alleen aan dat beslissings geneem word waarvan die gevolge in 'n mindere of meerdere mate onbekend is nie, maar dat die enkeling met die sprong ook nie presies weet wat hy kies nie. Dit blyk veral ten opsigte van die Christelike geloof waar die enkeling homself werp op dit wat nie verstaan kan word nie, wat die begrip te bowe gaan.<sup>2)</sup> Met die "sprong" word die enkeling in 'n relasie

- 
1. Johannes Climacus, Concluding Unscientific Postscript, p. 380. "But what then does it mean to venture? A venture is the precise correlative of an uncertainty; when the certainty is there the venture becomes impossible."
  2. Johannes Climacus, Concluding Unscientific Postscript, p. 384. "So it is also with Christianity. It requires that the individual should existentially venture all (the pathetic). This is something that a pagan can also do; he may, for example, venture everything on an immortality's perhaps. But Christianity also requires that the individual risk his thought, venturing to believe against the understanding (the dialectical)."

tot die "gans Andere" gestel, hy erken dat hy eindige en oneindige wese is, hy betree 'n nuwe ervaringsveld en in hierdie sin is die enkeling dan ook oneindige "ek".<sup>1)</sup>

Die begrip "sprong" dui die radikale verskil aan tussen die siening van Kierkegaard en dié van Stirner. Dat die begrip sprong gestel word, maak dit moontlik vir die enkeling om te transendeer. Dit plaas hom meteen in 'n ander relasie, 'n relasie tot dit wat in 'n sekere sin buite homself is. Vanuit hierdie grondbegrip is transendensiefilosofie moontlik. By Stirner is daar geen moontlikheid dat die enkeling buite homself kan tree nie, dat hy enigsins in 'n relasie kan staan tot dit wat buite of bokant homself is nie.

Die vraag moet egter ook gestel word of die werklikheid wel bereik word deur die sprong? Kierkegaard stel dit duidelik dat met die sprong die enkeling die werklikheid betree, maar dat hy alleen as enkeling dit ervaar. Dit is my ervaring as enkeling en nie 'n ander se ervaring nie. Hierdie sprong kan alleen "ondervind" word deur die spesifieke enkeling wat die sprong waag en kan nie die eiendom wees van iemand anders nie. Die enkeling wat die sprong maak, kan dit alleen enkel en alleen doen en 'n ander persoon het geen toegang daartoe nie. Wanneer 'n enkeling 'n verduideliking

---

1. Friedrich Carl Fischer, op. cit., p. 186. "Nach jedem vollzogenen Sprung betrachtet der Mensch die Welt und sich selber mit andere Augen als zuvor, aus anderer Sicht, unter anderen Gesichts- und Wert-Gesichtspunkten."

of filosofiese verklaring gee van wat hy as enkeling ervaar met die sprong, kan dit nié as voorskrif dien vir 'n ander persoon nie - hoogstens kan die eksisterende enkeling hoop dat andere in hulle spesifieke, miskien soortgelyke, maar nie gelyke omstandighede, die sprong sal waag. In hierdie sin is die sprong 'n subjektiewe, "geslote" handeling en is 'n objektiewe waardering daarvan uitgesluit.

## 2.6 Die Oomblik

In die Philosophical Fragments en The Concept of Dread word die belangrikste uiteensetting gevind van die kategorië "oomblik" soos deur Søren Kierkegaard uiteengesit. Die Concluding Unscientific Postscript moet ook gelees word vir die korrekte verstaan van wat bedoel word met "oomblik". 'n Soortgelyke kategorie kom nie by Max Stirner se werk voor nie.

Die sprong is verbind met die oomblik; "one must not forget that the new situation comes about by the leap".<sup>1)</sup> In die figuratiewe Deense spraakgebruik beteken die woord oomblik (Øjeblikket) "'n vinnige kyk van die oog", dit wil sê in 'n oogknip, so vinnig soos die oog kan kyk.

---

1. Vigilius Haufniensis, The Concept of Dread, p. 76



Die interessante is dan ook dat wanneer die oomblik gestel word verlede, hede en toekoms saamval in die sin van dat die verlede gestel word, die hede word gestel en ook die toekoms word gestel.<sup>1)</sup> Tyd is dus 'n oneindige suksessie en kan nie verdeel word in hede, verlede en toekoms nie. Streng gesproke kan hierdie onderskeidings (hede, verlede, toekoms) alleen gemaak word wanneer tyd en ewigheid in relasie tot mekaar staan. Daarom is tyd eintlik inhoudloos, aangesien dit slegs 'n suksessie van momente bevat wat alleen inhoud kan kry wanneer tyd en ewigheid in relasie tot mekaar gestel word. Dit gebeur in die "oomblik". Daarom dra die "oomblik" die karakter van die teenwoordige en die ewige. "If there is no instant, then the eternal appears to be behind, like the past. It is as though I were to picture a man walking along a road but do not assume that he takes a step, then the road behind him appears to be the distance travelled."<sup>2)</sup>

Deur die sprong en in die oomblik vind die oorgang van nie-syn na syn plaas - die oomblik wanneer die oneindige die eindige raak, wat Kierkegaard noem die ontmoeting tussen God en die enkeling in die tyd. Die enkeling word in sy eksistensie "geraak" deur God. Omdat die Sokraat bv. geen

- 
1. Vigilius Haufniensis, The Concept of Dread, p. 80. "The instant is that ambiguous moment in which time and eternity touch one another, thereby positing the temporal, where time is constantly intersecting eternity and eternity constantly permeating time."
  2. Ibid., p. 80, 81.



transendente God ken nie, is dit onmoontlik vir die Sokraat om die oomblik te belewe.<sup>1)</sup> Die Sokratiese leermeester kan alleen andere bring tot die "plek" van geleerdheid en dit is persoonlike verantwoordelikheid. Daarom praat Kierkegaard dan ook van Sokrates as 'n vroedvrou wat andere kan help om geboorte te gee, maar wat self nooit geboorte gegee het nie.<sup>2)</sup> Die Sokraat het geen kennis van die God van die Christendom nie, hy kan nie die "ontmoeting" met God belewe nie, want dit geskied alleen in die "volheid van die tyd"; en dit is die koms van Jesus Christus na die aarde. Enige voorstelling van God, wat die Sokraat mag hê, is 'n valse voorstelling, want hy kan sy selfkennis nie ontsnap nie - sy Godsvoorstelling bly slegs 'n konsepsie van die self (subjektief). Hierdie posisie noem Kierkegaard Religieusiteit A. Religieusiteit B (die Christelike godsdienst) gee alleen die ware kennis van God en staan dus hoër dan Religieusiteit A. Die verband en relasie tussen Religieusiteit A en Religieusiteit B word kortliks bespreek by die volgende afdeling : "Die enkeling voor God." Probleme soos die Inkarnasie, sintese van liggaam en siel ens. wat ook hier ter sprake kom, word vir die doel van hierdie werkstuk, buite rekening gelaat.

- 
1. Johannes Climacus, Philosophical Fragments, p. 14. "In the Socratic view each individual is his own center, and the entire world centers in him, because his self-knowledge is a knowledge of God."
  2. Ibid., p. 12.

Stellenderwys moet egter ten opsigte van die begrip "angs" die volgende aangetoon word. "Angs" is 'n gegewe kategorie van die voor-sondetoestand, die antisipasie van die moontlikhede - dit wil sê die enkeling ondervind die moontlikheid "om te kan" en wanneer die handeling plaasvind, is die "angs" meteen ook 'n herkenning van die "om te kan". "Angs" is dus 'n toestand wat gestel word in die voor-sonde-stadium en word gerealiseer in die handeling. Maar die begrip "angs" word ook in 'n tweërlei sin gebruik: "angs" eerstens in die voor-sondetoestand en angs in die sin van "gerealiseerde angs" wat ondervind word met die oomblik en die handeling. Dit moet duidelik gestel word dat die bedoeling nié is dat "angs" 'n negatiewe toestand is nie; "angs" in die eerste sin het 'n positiewe karakter daarin dat dit 'n antisipasie is van die moontlikhede. Angs in die tweede sin is wanneer angs geaktualiseer word in die tyd, in die "oomblik". Deur die "sprong" word die "angs" in die oomblik geaktualiseer en nuwe kategorieë word gestel, naamlik "skuld" en "sonde".

## 2.7 Die Enkeling "Voor God"

Wanneer Kierkegaard die relasie van die enkeling tot God stel met wat hy noem "die enkeling voor God", probeer Kierkegaard 'n antwoord gee op die sentrale probleem wat hy vir homself gestel het in sy filosofie naamlik hoe om 'n Christen te word. In die "Inleiding van die

Redakteur" tot die Concluding Unscientific Postscript to the Philosophical Fragments stel Kierkegaard die probleem soos volg: "The Concluding Postscript, as I have already said, constitutes the turning point in my whole work as an author. It presents the 'problem', that of becoming a Christian."<sup>1)</sup>

Hier word daar enkele aspekte bespreek van wat Kierkegaard verstaan onder "die enkeling voor God" ('n probleem waarmee Stirner hom nie besig hou nie - dit sou vir hom 'n valse probleem wees). Wat bedoel Kierkegaard dat die enkeling in relasie tot God is en hy as enkeling alleen dit kan ervaar? Vir Kierkegaard is die verstandhouding tussen mens en mens by uitstek 'n eksterne verstandhouding, maar die relasie van enkeling - God is 'n interne, innerlike relasie. Hierdie relasie is nie alleen innerlik van aard nie, maar suiwer subjektief - 'n derde party het geen toegang tot die "ek - U" verhouding tussen die enkeling en God nie. Nou is die kenmerk van hierdie relasie enkeling - God juis dat dit nie deur die enkeling uitgedruk kan word nie, juis omdat daar so 'n verskil tussen die enkeling en God bestaan. Dit beteken dat die relasie alleen genoem kan word, dit wil sê dat daar so 'n relasie bestaan, maar die

---

1. Johannes Climacus, Concluding Unscientific Postscript, p. xiv.

werklike inhoud van die relasie kan juis vanweë die innerlikheid, geslotenheid en subjektiwiteit daarvan nie uitgedruk word of aan 'n "buiteparty" duidelik of openbaar gemaak word nie.<sup>1)</sup>

Alhoewel hierdie relasie van die enkeling "voor God" nie uiterlik aangetoon kan word nie, is daar wel 'n innerlike uitdrukking vir hierdie "ek - U" relasie wat sy belangrikste uitdrukking vind in die stel van die kategorie "skuld" wat in die deel van hierdie hoofstuk buite rekening gelaat word.<sup>2)</sup> 'n Ander belangrike aspek van die kategorie "die enkeling voor God" is die reeds genoemde verskil wat gemaak word tussen die profane godsdiens en die spesifiek Christelike godsdiens wat onderskeidelik aangedui word met die terme Religieusiteit A en Religieusiteit B. Kortliks kan dit soos volg gestel word:

In die Religieusiteit A is die enkeling in relasie tot "God" op die volgende wyse. Die enkeling stel homself in relasie tot 'n godheid en die vraag kan gestel word of

- 
1. Johannes Climacus, Concluding Unscientific Postscript, p. 440. "But herein lies the profound suffering of true religiosity, the deepest thinkable, namely, to stand related to God in an absolutely decisive manner, and to be unable to find any decisive external expression for this (for a happy love between human beings expresses itself externally in the union of the lovers.) This inability is rooted in the necessary relativity of the most decisive external expression, and its being both too much and too little; it is too much because it involves a certain presumptuousness over against other men, and it is too little because it is after all a worldly expression."
  2. Ibid., p. 492, "Now we come to the hidden inwardness. The eternal recollection of guilt cannot be expressed outwardly, it is incommensurable with such expression, since every outward expression finitizes guilt."

dit 'n werklike relasie tot die godheid is; dit dra eerder die karakter van 'n skynbare relasie omdat dit 'n immanente relasie is en nie 'n absolute relasie nie, alhoewel dit die skyn wek van 'n absolute relasie te wees. Die kontradiksie van hierdie relasie lê in die selfvernietiging van die enkeling, dat die enkeling in sy lyding soek na uitwissing met die doel om in 'n absolute verhouding tot die godheid te tree wat wesenlik nie kan gebeur nie. Hy is nie in relasie tot die werklike God nie, maar slegs in 'n immanente relasie tot een of ander "iets".<sup>1)</sup>

Die paradoksale Religieusiteit B verskil van Religieusiteit A daarin dat die enkeling as eindige individu in 'n werklike houding tot die ware God staan, die immanensie van die enkeling word deur die relasie verbreek (die relasie wat gestel word is wesenlik teen immanensie); hierin lê die kontradiksie van Religieusiteit B, dat die immanente enkeling deur selfvernietiging in 'n absolute verhouding tot 'n transendente God kan staan. Hierdie relasie alleen is die ware individualiteit.<sup>2)</sup>

- 
1. Selfvernietiging of uitwissing het hier die betekenis van jouself te "verloor" in die godheid.
  2. Louis Dupré, Kierkegaard as Theologian, p. 82. "Therefore, to become a 'single individual' is the most important task of authentic Christianity, for it is only as an individual that one is able to be in a true relationship with God."

Die enkeling in die stadium van Religieusiteit B staan dan ook in 'n verhouding tot die God wat op 'n spesifieke oomblik in die tyd individuele mens geword het, naamlik Jesus Christus. Hierin lê die verdere kontradiksie en absurditeit van Religieusiteit B; nie alleen dat ons hier te doen het met die kontradiksie dat dít, wat per definisie teen sy natuur is, historiese feit geword het (die menswording van die Godheid), maar ook die absurditeit van ewige geluk wat gebaseer word op historiese feite (aangedui deur plek en tyd) en dat die historiese data saamgestel is op 'n wyse wat kontradiktories is met alle vorms van denke. Op hierdie gevorderde stadium van die argument word die belangrike kategorie van die "geloof" deur Kierkegaard gestel.

Daar is egter sekere punte van kritiek teen Kierkegaard se beskouing van die "enkeling voor God" wat die aandag verdien:

H.A. Smit maak die volgende aanmerking in sy boek: "Has not modern thought shown us that in such an existential situation, the individual man, even though he stands alone before God, will assert there, in the face of his God, his independence and his position as King of his own life? The Christian character of Kierkegaard's own experience here betrayed him. Because he himself had bowed before God when he had been driven to stand alone, at the extremity of existence, before him, Kierkegaard supposed that all men would

react in the same way. But this has not proven to be true."<sup>1)</sup> Die bewering wat hier gemaak word dat waar 'n spesifieke enkeling in 'n eksistensiële situasie op 'n sekere manier optree (in hierdie geval 'n eksistensiële situasie waar die enkeling "voor God" is), dit nog nie wil sê dat iemand anders op dieselfde wyse in 'n soortgelyke eksistensiële situasie dieselfde sal optree nie, is nie 'n bewering wat Kierkegaard sou ontken nie. Die punt is dat dit juis is wat Kierkegaard probeer sê : elke eksistensiële situasie is uniek en die optrede van 'n enkeling is geen paradigma vir die optrede van iemand anders nie. Kierkegaard wil nie voorskriftelik te werk gaan nie, intendeel, hy gee alleen sy eie ervaring as enkeling, 'n ervaring wat eintlik nie oorgedra kan word nie (waar hy "voor God" staan). Kierkegaard stel alleen 'n moontlikheid, 'n moontlike wyse van lewe. Dit bly slegs 'n moontlikheid vir die buitestander en is op geen wyse objektief verifieerbaar nie. Dat iemand "voor God" sy eie onafhanklikheid en koningskap van sy eie lewe sou stel, is heel moontlik, maar dit is ook moontlik dat 'n ander persoon dit nie sou doen nie en wel sy afhanklikheid van God sou erken - en die koningskap van God in sy lewe!

Martin Buber sê Kierkegaard se kategorie van die "enkeling voor God" is 'n negatiewe kategorie in die sin van date Kierkegaard God nié kan aandui nie - die kardinale

---

1. Op. cit., p. 193.

tweede element van die relasie (dit wil sê God) kan nie aangedui word nie.<sup>1)</sup> Die posisie sou wees dat die enkeling God aangryp op 'n wyse dat die klem te sterk val op die motivering van die enkeling - te min op die "aksie" van God. Dit mag wel so wees dat Kierkegaard die sterkste klem laat val op die motivering van die enkeling (wat dan sou neerkom op egoïsme), maar vir Kierkegaard is die enigste wyse waarop in hierdie situasie geredeneer kan word, dié vanuit die standpunt van die enkeling omdat die enkeling immers nie vanuit die standpunt van die "gans Andere" kán redeneer nie. Dit is nié Kierkegaard se doel om God as objek tussen ander objekte te beskou en God deur eliminاسie te bepaal nie. Sy filosofie is juis 'n subjektiewe filosofie en God kan alleen op 'n subjektiewe wyse geken word. God self is by uitstek subjek.

--- oOo ---

---

1. Martin Buber, op. cit., p. 78



H O O F S T U K 3

DIE ENKELING AS GEES

Kierkegaard praat van "gees" in die stadium vóór die sprong, dit kan die eerste betekenis van gees genoem word. Die gees, vóór die sprong plaasvind, is in 'n toestand van angs en wanhoop - die gees wanhoop aan homself en het angs vir sigself dat dit sigself mag verloor. In hierdie toestand vóór die sprong (gewoonlik aangedui as die voor-sondestadium), is die enkeling gees (in 'n sekere sin), maar die enkeling is in hierdie toestand van "gees" onbewus daarvan dat hy as enkeling die karaktereienskap "gees" het.<sup>1)</sup> Hierdie "gees" het sy eie karakter wat te onderskeie is van die enkeling as gees ná die eerste sonde gedaan is (die sondeval gelyktydig met die sprong).<sup>2)</sup> Die enkeling as gees voor die sprong in die toestand van onkunde besef die moontlikhede van "om te kan", hy is "gees" in die eerste sin, maar die gees word eintlik eers gestel by die handeling van die enkeling wanneer hy vir die eerste keer sonde doen. Dit moet ook opgemerk word dat wanneer die individu "gees" in die eerste sin is, dan

- 
1. Anti-Climacus, The Sickness unto Death, p. 158. "But despair is expressed precisely by the fact that a person is unaware of being characterized as spirit."
  2. Stellenderwys kan kortliks opgemerk word dat die "sondeval" slegs gesien moet word as die eerste sondige daad van 'n enkeling (Adam); 'n handeling wat 'n nuwe kwaliteit aan die menslike eksistensie gegee het. Adam se sonde was die "eerste sonde" in die wêreld en elke ander persoon se sonde kom op 'n soortgelyke wyse in die wêreld met dié verskil dat dit nie die eerste sonde (dit wil sê Adam se sonde) kan wees nie.

ondervind hy wanhoop. Vir ons doel sou dit genoegsaam wees om wanhoop te definieer as die huiwering of twyfel van die self wanneer die self gekonfronteer word met sy eie moontlikhede. "Hence it issues that there can be two forms of despair properly so called: despairingly refusing to be oneself; and desperately insisting on being oneself."<sup>1)</sup> Wanhoop word dus ondervind in die toestand van onskuld wanneer die "gees" bewus is van sy moontlikhede. Die gees in hierdie toestand van onskuld is nog nie gestel nie en alleen wanneer dit gestel word, vind die sintese van liggaam en siel plaas - die gees is dus die skakel wat die sintese bewerkstellig op 'n gegewe oomblik. Die spanning wat die enkeling ondervind in die toestand van onkunde, is angs - dit is die gees wat poog om sigself te word en aan die ander kant wanhoop om te word dit wat wel moontlik is om daargestel te word. Die gees wat poog om sigself te word, ondervind moontlikhede a, b, c, d ens. Sodra die gees gekonfronteer word met verskillende moontlikhede, ontstaan 'n sekere spanning. Wanneer die moontlikheid gerealiseer word, word die gees gestel en is daar geen spanning meer in genoemde sin nie. As voorbeeld sou kon dien 'n persoon wat 'n keuse moet doen tussen verskillende voorwerpe a, b, c, d, e ens. sonder dat hy presies weet wat daardie voorwerpe is. Daar is verskillende moontlike keuses wat gedoen kan word. Voordat die keuse gemaak word, is daar 'n sekere antisipasie aanwesig by die persoon omdat hy bewus

---

1. Denzil G.M. Patrick, Pascal and Kierkegaard, vol. 11, p.254

is dat hy wel 'n bepaalde keuse kan maak. Wanneer die gees dan die antisipasie van die moontlikhede ondervind, het die enkeling se toestand die kenmerk van angs.

Die stel van die gees vind plaas gelyktydig met die sprong, dit is die geboorte van die gees. Die enkeling tree met die sprong (in die oomblik) nie alleen in relasie tot homself nie (dit is die gees se relasie tot sigself), maar tree ook in relasie met sy Bron, die Absolute. Deurdat die mens homself kies, kies hy ook wat sy verhouding ten opsigte van God sal wees. Indien die enkeling homself wegwend van God, het hy nie regtig gees geword nie.<sup>1)</sup> Met die sprong in die oomblik word die gees gestel, die moontlikheid van gees te word, word werklikheid; die gees maak 'n persoonlike transformasie moontlik deurdat 'n skuif plaasvind van etiese moontlikheid na etiese syn.

Die begrip gees hou vir Kierkegaard die skeppende aktiwiteit in wat karakteristiek is van die mens, dit wat die dier byvoorbeeld nie met die mens in gemeen het nie. Die gees dra dan ook inherent 'n imperatiewe karakter; dit is

---

1. Louis Dupré, op. cit., p. 41, 42. "Spirit thus posits a moment of eternity and, with it, an ultimate principle, an absolute. There are only two possibilities : either man's relation to himself is in itself the ultimate or it becomes the absolute by implying a further relation to the ultimate. The first hypothesis is rejected from the outset. The second makes man into a religious being. He becomes himself only by relating himself to God."

meteen die doel en die kreatiewe kenmerk van die enkeling.

Wanneer Stirner hom uitlaat oor die kategorie "gees", het hy voorop in gedagte die dualistiese siening van tyd waarvolgens die enkeling gesien word as liggaam en gees, 'n standpunt wat hy dan ook heftig aanval. Stirner wil die eerste selfontdekking van die enkeling van homself aandui as "natuurlike kragte" in teenstelling met die algemene opvatting van sy tyd dat die selfontdekking van die enkeling geleë en deur middel van sy "gees" is. Die probleem is, volgens Stirner, dat die fout gemaak word om iets in die enkeling te wil aandui wat "gees" of "geestelik" is in die sin van dat dit losstaande van die enkeling is; losstaande in die sin van dat dit op een of ander wyse in die mens van buite ingegiet is of vanuit die enkeling jenseitig tree en dus ook die karakter het van meer te wees dan wat die enkeling werklik is. Dit lei tot allerlei wanopvattinge dat "die geestelike" in die mens gekultiveer kan en moet word sodat die enkeling buite homself kan tree, homself oortref, "geestelik optree". So 'n handeling sou dan van 'n baie hoër aard wees dan die blote profane handeling. Eers wanneer die mens se gees vry geword het, sigself ontdek het en sigself (as geestelik) leer liefkry het, het die mens eers sy ware self en sy ware bestemming ontdek.<sup>1)</sup>

---

1. Max Stirner, op. cit., p. 35. "Auf diese äusserste Spitze interesselloser Herzlichkeit getrieben, müssen Wir endlich inne werden, dass der Geist, welchen der Christ allein liebt, nichts ist, oder dass der Geist eine - Lüge ist."

Volgens hierdie standpunt is die hoogste in die enkeling die gees - reine gees.

Stirner reageer heftig wanneer hy dit stel dat daar absoluut niks is wat as suiwer gees aangedui kan word nie, en alles wat mense wel as "gees" probeer aandui, is niks anders dan spoke nie. Dat die gees die enige en die ware in jou is, ontken Stirner. Die gees kan alleen suiwer gees wees in 'n suiwer geestelike wêreld - en so 'n wêreld bestaan nie, want ek kan altyd my liggaam vasgryp en uitroep - ek het 'n liggaam!

'n Ander argument wat Stirner gebruik is die volgende : dit word deur die sogenaamde geestelikes gestel dat die mens uit niks geskape is. Dit impliseer dat die gees uit niks geskape is, maar nou word die mens voortaan met gees gebore. Hoe so 'n stelling kan rym, is vir Stirner nié moontlik nie.

Die ideaal van "reine gees" te wees, is vir Stirner absurd : "Es liegt in der Natur der Sache, dass der Geist, der als reiner Geist existiren soll, ein jenseitiger sein muss, denn da Ich's nicht bin, so kann er nur ausser Mir sein, da ein Mensch überhaupt nicht völlig in dem Begriffe 'Geist' aufgeht, so kann der reine Geist, der Geist als solcher, nur ausserhalb der Menschen sein, nur jenseits der Menschenwelt, nicht irdlich, sondern himmlich."<sup>1)</sup>

---

1. Max Stirner, op. cit., p. 42.

Die "ek" en "gees" kan nie gelyk gestel word nie, dit is twee verskillende terme in twee heeltemal verskillende sake.

Die implikasie van die siening dat die mens "gees" is, het tot gevolg dat die enkeling, in die volvoering van die "geestelike" proses 'n soort van suiwer geestelike bestaan sou navolg met die uiteindelijke resultaat dat hy 'n soort van goddelikheid sou bekom, want dit word tegelyk ook gesê: God is gees. Stirner roep uit: ek is nog God, nog die mens, nog 'n hoogste wese!<sup>1)</sup>

Die verdere wangebruik van die begrip gees, volgens Stirner, stel sekere persone en instansies van sy tyd in die posisie om die kreet - die mens as hoogste wese - te gebruik om 'n idee van 'n super, geestelike mensheid daar te stel wat dan die hoogste strewe van die "Gesellschaft" moet wees. Die moderne beeld van 'n atoom (die gemeenskap) met sy variasie van partikels (die enkelinge) sou hier van toepassing kon wees. Stirner sê: "Der Geist ist etwas anderes als Ich. Dieses Andere aber, was ist's?"<sup>2)</sup>

Die enkeling, volgens Stirner, het niks wat as geestelik losstaande van hom is nie. Die enkeling het geen "ander ek" wat sy gees is nie, ek is nie jenseits in die sin

---

1. Ibid., p. 44.

2. Ibid., p. 45.

van dat ek anders of buite of anderkant myself is nie.

Stirner se negatiewe ontleding van die begrip "gees" is 'n skerpe kontras met die interessante inhoud wat Kierkegaard aan die begrip gee. Waar Kierkegaard met die tweede betekenis van "gees" 'n positiewe inhoud aan die begrip gee, bly Stirner se siening so sterk negatief dat die kategorie genihileer word.

--- oOo ---



H O O F S T U K 4

DIE ENKELING EN WAARHEID

Aansluitend by die kategorie van die gees, is die vraag na die waarheid. Kierkegaard se bekende stelling is "Truth is Subjectivity."<sup>1)</sup> Om hierdie stelling te kan begryp, is dit nodig om te verstaan wat Kierkegaard met subjektiwiteit bedoel. Stellenderwys word die volgende belangrikste aspekte van subjektiwiteit genoem:

Dit moet in gedagte gehou word dat in Kierkegaard se filosofie dit voorop gaan om die feit dat godsdiens nie 'n staat van kennis soseer is nie, maar wel 'n staat van denke (state of mind). Dit beteken dat die godsdienstige mens 'n sekere denkhouding en denkpatroon het wat as religieus beskou en genoem kan word. Die religieuse mens is nié in die eerste plek in besit van sekere kennis ten opsigte van sekere verifieerbare, objektiewe wetenskaplike kennis wat op een of ander wyse direk gekommunikeer of aanwysbaar is nie, maar sy denkhouding is subjektief dit wil sê in 'n sekere relasie tot homself. Juis omdat in hierdie gestelde skema die subjektiewe denker sy denkpatroon het en dit 'n godsdienstige denkpatroon kan wees (moontlikheid) soos reeds in die hoofstukke vooraf uiteengesit, is hierdie denkpatroon (wanneer innerlik gerealiseer) vir die spesifieke enkeling die waarheid, dit wil sê subjektief waar. Kierkegaard dui dus 'n subjektiewe denkraamwerk aan (frame of mind).

---

1. Johannes Climacus, Concluding Unscientific Postscript, p. 170 et seq.

Hierdie denkraamwerk is subjektief omdat die denke subjektief in relasie tot sigself is in teenstelling met 'n objektiewe relasie wat hom verbind met 'n verifieerbare faktor buite sigself. Die subjektiewe relasie is meteen dan ook 'n relasie wat nié om bewyse vra nie, dit is persoonlik en het te doen met geloof wat 'n bewuste relasie is (in 'n reële sin) relatief tot die self alleen. Omdat hierdie relasie nié om bewyse vra nie en 'n innerlike subjektiewe relasie is, is die verdere implikasie, dat wat subjektief gestel word sonder objektiewe sekerheid gestel word; dus met onsekerheid word sekere stellings gemaak met die passievolle innerlike gesteldheid of houding dat dit die waarheid is, met ander woorde die stelling is paradoksaal. Dié gemoedstoestand van die enkeling is 'n persoonlike gemoedstoestand en is geensins "oop" vir objektiewe waarneming en kontrole nie.

Geen sisteem van denke is volgens hierdie stelsel moontlik nie, want die sisteem van elke enkeling is uniek en subjektief. Hier moet weer eens beklemtoon word die geslotenheid van Kierkegaard se filosofie wat dit in 'n sekere sin onmoontlik maak om enigsins objektiewe kritiek uit te spreek ten opsigte van sy "sisteem"(!) want per definisie (subjektiwiteit is die waarheid) word objektiewe kritiek uitgesluit.<sup>1)</sup>

---

1. Frithiof Brandt, Søren Kierkegaard, p. 64. "If by 'truth' one means 'objective truth', which is equivalent to the scientific concept of truth, then one cannot say anything about the truth of a philosophy of life. If on the other hand one means by 'truth' 'subjective truth', then there is a meaning in questioning the truth, that is, if the existing person 'in truth' lives up to his philosophy of life. Understood thus every philosophy of life can be 'true', namely for the ex-University of Pretoria"

Die enigste moontlik verifikasie en kontrole wat aangewend kan word deur die persoon wat Kierkegaard se filosofie bestuur, is om aan te toon of die skrywer binne die raamwerk van sy subjektiewe denkpatroon logies en konsekwent redeneer. Religie word dan deur Kierkegaard alleen en uitsluitlik binne die kader van die subjektiewe geplaas: "no system can do justice to the subtlety of religion because Christian faith by its very nature is inextricably bound up with precisely those things which the system ignores;"<sup>1)</sup>

Die volgende stelling is ook van groot belang:

"The objective accent falls on WHAT is said, the subjective accent on HOW it is said."<sup>2)</sup> Hierdie uitspraak stel dit duidelik dat die belangrike van enige stelling die redes vir die stelling is en dat die stelling self nie so belangrik is nie. Die klem val op die persoonlike denkhouding van die een wat die stelling maak, sy innerlike gesteldheid, die redes waarom hy die stelling maak en die passievolle geïnteresseerdheid waarmee die stelling gemaak word.

Die enkeling word sentraal geplaas in die filosofie met die klemverskuiwing van objek na subjek sodat die wese

---

1. J. Heywood Thomas, op. cit., p. 66.

2. Johannes Climacus, Concluding Unscientific Postscript, p. 181.

van die enkeling 'n regmatige plek in die filosofie inneem.<sup>1)</sup>

Die metafisiese benadering word deur Kierkegaard se filosofiese uiteensetting verwerp. Die metafisikus poog om die empiriese logies te orden en te verklaar, om 'n objektiewe logiese sisteem uit te werk wat 'n ware beeld gee van die empiriese werklikheid. Nie alleen word 'n ware beeld van die empiriese werklikheid gesoek deur die metafisikus nie, maar deur die empiriese werklikheid te "deurskou", word ook gesoek na resultate wat ewige waarhede sou inhou.

Volgens Kierkegaard kan die waarheid nié op hierdie direkte manier gevind word nie, want filosofie is in die eerste plek nié 'n kwessie van objektiewe stelling te maak nie, daar 'n spesifieke enkeling sekere vrae stel en antwoorde daarop gee binne sy eie eksistensie. Die hoogste vorm van waarheid word bereik wanneer ewigheid en tyd mekaar ontmoet en dit gebeur wanneer die enkeling in 'n spesifieke relasie tot die Absolute tree. Hierdie hoogste waarheid wat na gestrewe moet word, is die relasie tot God in die geïnkarneerde Seun, Jesus Christus, wat self gesê het: "Ek is die waarheid." Deur die geloof alleen kan so 'n relasie ontstaan waar die

- 
1. Terloops kan ook gemeld word dat hierdie siening 'n duidelike psigologiese aanknopingspunt aandui. Die moontlikheid word hier gestel nie alleen vir 'n "eksistensiële" filosofie en teologie nie, maar ook vir 'n "eksistensiële" psigologie.

enkeling in 'n posisie kom om te begryp dat die Oneindige geïnkarneer is, dit wil sê in eindige vorm verskyn het. Die waarheid lê dus essensieel in die intensiteit van die enkeling se relasie tot dit waarin hy glo.<sup>1) 2)</sup>

J. Heywood Thomas sê ten opsigte van die prinsipe van subjektiwiteit: "This brings us to the central issue. If it is true that faith is the expression of the individual's concern and that God only exists for subjectivity, does it follow that faith creates its object? In other words, is this principle of subjectivity that Kierkegaard puts forward simply subjectivism."<sup>3)</sup> Kortliks kan ter verdediging van Kierkegaard se stellings die volgende gesê word: onder die prinsipe van subjektiwiteit moet verstaan word dat dit primêr vir Kierkegaard gaan om die enkeling in sy relasie tot die wêreld en die "gans Andere". En dan veral wanneer die "gans Andere" ter sprake kom, kan die "gans Andere" as objek (sou dit as objek bestaan) nie vanuit die eksistensie van die enkeling aangedui word nie. Die enigste manier om uitdrukking te gee aan 'n relasie tot die "gans Andere", is om dit uit te druk

- 
1. Cf. Ninian Smart, Philosophers and Religious Truth, p. 21
  2. Cf. Jerry H. Gill, "Kant, Kierkegaard, and Religious Knowledge," Philosophy and Phenomenological Research, vol. XXVIII, No. 2, December 1967.
  3. Op. cit., p. 72.

as in relasie tot die self.<sup>1)</sup> Die enigste manier om uitdrukking te gee aan die waarheid is om enkeling te wees.<sup>2)</sup>

Kierkegaard se grondprinsipe "Truth is subjectivity" word in gewysigde vorm en in 'n ander sin ook by Stirner gevind.<sup>3)</sup>

Stirner wys die beskouing af dat die objektiewe waarheid buite of bokant die enkeling sou bestaan in die sin van dat dit op een of ander wyse algemene eiendom is wat op watter manier ookal deur elke afsonderlike enkeling "gevat", "beskou" of sy eie gemaak kan word. Die waarheid is vir Stirner 'n bloot subjektiewe aangeleentheid in die sin van dat wat vir my die waarheid is, is vir my die waarheid en kan geensins vir iemand anders die waarheid wees nie - want iemand anders is nie ek, hierdie enkeling nie.<sup>4) 5)</sup>

- 
1. 'n Sleutelbegrip wat hier ter sprake kom, is "geloof". Analise van die begrip geloof word vir die doel van hierdie werk egter buite rekening gelaat.
  2. Martin Buber, op. cit., p. 68. "Not that the Single One exists and not that he should exist is described as the truth, but 'this view of life' which consists in the Single One's existing, and which is hence also simply identified with him. To be the Single One is the communication of the truth, that is, the human truth."
  3. Max Stirner, op. cit., p. 470 et seq.
  4. Max Stirner, op. cit., p. 476. "Wahr ist, was mein ist."
  5. Ibid., p. 450. "Alle Prädicate von den Gegenständen sind mein Aussagen, meine Urtheile, meine - Geschöpfe."

Daar is geen objektiewe bestaande waarhede wat die eiendom van die mensheid is nie - dit wat aangedui word as universele algemene waarhede, is niks anders dan spoke nie.<sup>1)</sup>

Die enigste voorwaarde vir enige vorm van waarheid word gestel deur die enkeling self; wat waarheid is, is wat ek hou vir waarheid, waarheid behoort uitsluitlik aan "my" en is "my" eiendom.<sup>2)</sup> Alleen die subjek "enkeling" kan aangedui word, daar bestaan geen objek van die waarheid nie.

Die enigste waarheid is die enkeling self - die bestaande enkeling, (in sy huidige eksistensie) wat deel het aan die waarheid wat op daardie oomblik sy eiendom is. Die enigste relasie tot die waarheid is die relasie van die enkeling tot sy eie waarheid en word gerealiseer slegs in die enkeling (innerlik) in soverre hy as enkeling getrou is aan die waarheid, wat tot hom behoort.

Die ooreenkoms by Kierkegaard en Stirner lê weer eens in die "geslotenheid" van die waarheid wat deur albei se begrip subjek aangedui word, die passievolle geïnteresseerdheid waarmee die enkeling aan sy waarheid vashou, die klem wat

- 
1. Martin Buber, op. cit., p. 67. "Possessed truth is not even a creature, it is a ghost, a succubus with which a man may succeed in effectively imagining he is living, but with which he cannot live. You cannot devour the truth, it is not served up anywhere in the world, you cannot even gape at it, for it is not an object."
  2. Max Stirner, op. cit., p. 476. "Ich bin das kriterium der Wahrheit."



val op die persoonlike denkhouding van die enkeling, die afwysing van objektiewe algemene waarhede, en die afwysing van enige waarheidsisteem. Sentraal by beide word gestel die enkeling as sentrum van die waarheid. Kierkegaard se waarheidsbegrip kry egter 'n ander inhoud wanneer hy dit op die vlak van die religieuse plaas. Die enkeling word gestel in relasie tot die "gans Andere" (die subjek - Subjek verhouding). Buber stel dit treffend in sy boek: "Stirner has dissolved the truth which is only noetic, and against all his knowledge and desire cleared a space into which Kierkegaard's believed and tested truth has stepped, the truth which can no longer be obtained and possessed by the noesis alone, but which must be existentially realized in order to be inwardly known and communicated."<sup>1)</sup>

--- o0o ---

---

1. Op. cit., p. 69.

## H O O F S T U K 5 .

### DIE ENKELING EN DIE ETIESE

- 5.1 Die Enkeling hoër dan die Universele
- 5.2 Die Imperatief
- 5.3 Etiek en Moraliteit
- 5.4 Vryheid
- 5.5. Enkeling en Massa

## 5.1 Die Enkeling hoër dan die Universele

Die beginsel word deur Kierkegaard neergelê dat die enkeling hoër is dan die universele. Die universele word gevind in sekere waardesisteme en etiese stelsels wat algemeen geldende reëls vir optrede neerlê. Nou ontken Kierkegaard geensins die bestaan van hierdie universele reëls vir optrede nie, dit bekleë egter 'n laer posisie in sy filosofie. Die enkeling is, volgens hom uniek en 'n uitsondering; en daarom mag per definisie die bestaan van die enkeling nié onder algemene begrippe tuisgebring word nie. Die enkeling is uniek, in relasie tot sigself, die waarheid geld alleenlik vir elke spesifieke enkeling vir wat hy as passievolle geïnteresseerde mens as waarheid hou, en daarom behoort die enkeling slegs volgens sy eie gewete te handel en nié volgens algemene reëls wat neergelê word deur die etiek nie. Die algemene etiese reëls kan wel as 'n riglyn dien vir die enkeling in etiese situasies, maar ten slotte is die enkeling aangewys op sy eie self.<sup>1)</sup>

Kierkegaard stel dit dan ook dat die keuse van die etiese mens nie noodwendig tussen goed en sleg is nie, maar dat die keuse van die etiese mens dikwels 'n keuse tussen twee of meer konkurerende goeie dinge is. Die enkeling vind

---

1. Cf. E.D. Klemke, "Some insights for ethical theory from Kierkegaard," Philosophical Quarterly, Vol. 10, 1960.

homself soms in 'n situasie waar verskillende keuses volgens die etiese reëls korrek sou wees en tog bly daar slegs een korrekte keuse en dit is die keuse wat die enkeling as passievolle geïnteresseerde mens maak. Dit gaan nie om wat die mens gekies het nie, maar hoé hy gekies het.

Kortliks moet ook gemeld word dat die etiese gesuspendeer kan word wanneer die religieuse stadium gestel word (die etiese beslissing en die religieuse beslissing kan saamval, maar dit kan ook bots.) Die bekende voorbeeld wat Kierkegaard voorhou, is die bevel van God aan Abraham om sy seun te offer.<sup>1)</sup> Die botsing tussen die etiese en die religieuse lê daarin dat die etiese reël sê jy moet nie doodmaak nie, terwyl God uitdruklik vir Abraham beveel om sy seun om die lewe te bring.<sup>2)</sup> Ook op die vlak van die suiwer

---

1. Cf. Johannes de Silentio, Fear and Trembling.

2. William Barrett, Existentialisme, p. 173. "De universele etiese wet kan, juist omdat hij universeel is, mij, het individu in mijn concreetheid, niet geheel omvatten. Wanneer hij dan als abstracte wet iets beveelt dat tegen mijn diepste ik ingaat (maar het moet mijn diepste ik zijn en hierin ligt de vrees en het beven van de keuze), dan voel ik mij op grond van mijn geweten - een religieus geweten dat hoger staat dan het etiese - verplicht boven de wet uit te stijgen. Ik ben verplicht een uitzondering te maken omdat ikzelf een uitzondering ben, dit wil zeggen een concreet wezen, waarvan het bestaan nooit onder een algemeen begrip of zelfs onder een systeem van algemene begrippen gebracht kan worden."

religieuse is daar 'n skynbare teenstrydigheid. Die bevel van God is: jy mag nie doodslaan nie, en in hierdie geval beveel God die teendeel. Vir die doel van vergelyking met die werk van Stirner is alleen nodig om uit hierdie omvattende tema die enkele algemene stelling te noem dat die individu hoër is as die etiese.

Stirner sê dat die universele alleenlik die "Einzige" en sy eiendom is. Die enkeling, vanweë sy uniekheid en absoluutheid, is sy eie maatstaf en geen norm buite die enkeling is enigsins geldig of voorskriftelik vir die optrede van die enkeling nie. Die maatstaf waarvolgens die enkeling optree, kan dan ook nie 'n etiese of 'n religieuse genoem word nie, want per definisie is etiek en religie 'n stel idees (waaraan universele karakter toegeken word) wat van buite die enkeling op hom afgedwing word. Waar Kierkegaard dit stel dat die enkeling hoër is dan die universele en hierdie stelling beide die enkeling en die universele se bestaan erken (die enkeling word slegs hoër gestel), verskil Stirner daarin dat hy die bestaan van 'n universele ontken. Vir Stirner is die enkeling die enige en die enigste; etiek en religie het geen bestaansreg nie, dit is net skimme van die mens se fantasie. Stirner ontken en verwerp enige etiese maatstawwe, die enkeling alleen is sy eie maatstaf.

## 5.2 Die Imperatief

J. Sperna Weiland het die volgende aanmerking te maak in verband met die etiese stadium by Kierkegaard: "Ethics is still an 'ideal' science: Ethics prescribes the moral law and puts the Du Sollst before man in all its ideality in the certainty of the 'Du kannst denn du sollst.' Ethics shows to man his task without asking whether man has the power to fulfil it."<sup>1)</sup>

Die "Du Sollst" van die etiek word só sterk deur Kierkegaard beklemtoon, veral met die stel van begrippe soos ang, wanhoop, vertwyfeling, skuld en sonde dat die kritiek dikwels teen Kierkegaard voorkom dat hy so 'n absolute indruk ontvang het van skuld, sonde en gerig en selfs van genade en versoening, dat sy siening onverbiddelik is.<sup>2)</sup> Die beswaar sou wees dat die relasie van die enkeling as verantwoordelike wese tot sigself in die etiese stadium en sy relasie tot God in die religieuse stadium die enkeling plaas voor die "jy sal" sonder dat enigsins in aanmerking geneem word of die enkeling in staat is om aan hierdie eise te voldoen. Die kritiek is wel gegrond daarin dat indien die imperatief "jy sal" enigsins uitgeskakel sou moes word uit die skrywer se filosofie, hy nié in staat sou wees om sy eksistensiebegríp te komsipieer

---

1. Op. cit., p. 25.

2. Heini Schmid, op. cit., p. 21.

nie. Of die imperatiewe strekking van hierdie filosofie onverbiddelik is, is wesenlik wel 'n etiese vraagstuk, maar in die taal van Kierkegaard sou ter verdediging gesê kan word dat sy filosofie slegs 'n moontlikheid is in die sin van 'n moontlike vorm van lewe te midde van ander vorme van lewe en dat dit geensins die bedoeling is om voorskriftelik te wees nie.

Om 'n heel ander vlak benader Stirner die imperatief "Du Sollst". Hy sien die politiek en religie van sy tyd as instellings wat deur die onverbiddelike "jy sal" geïkoneer word. Politiek en religie as sosiale instellings het so 'n magtige oorkoepelende invloed op die gemeenskap dat die heersende idees van politiek en religie as algemeengeldende waarhede gepropageer word en met 'n imperatiewe karakter op die enkeling afgedwing word.<sup>1)</sup> Jy "sal" gelyk wees aan die "ideale", volkome mens (hetsy ideale politieke of religieuse mens of albei)! En dit word deur die gees van sy tyd gepropageer as die absolute vryheid. Hierteen protesteer Stirner heftig - die enkeling as unieke, selfstandige persoon wat in vryheid sy eie keuses maak (wat dit ookal mag wees), mag

---

1. Max Stirner, op. cit., p. 320. "Unter Religion und Politik befindet sich der Mensch auf dem Standpunkte des Sollens : er soll diess und das werden, soll so und so sein. Mit diesem Postulat, diesem Gebote tritt nicht nur Jeder vor den Andern hin, sondern auch vor sich selbst. Jene Kritiker sagen : Du sollst ein ganzer, ein freier Mensch sein. So stehen auch sie in der Versuchung, einde neue Religion zu proclamiren, ein neues Absolutes, ein Ideal aufzustellen, nämlich die Freiheit."

geensins met 'n "jy sal" gekonfronteer word nie. Dit skend die wesenlike karakter van die enkeling en sy bestaan as enkeling word misken. Die imperatief "jy sal" kan op geen wyse teenoor die enkeling uitgespreek word nie, hetsy deur iemand anders of deur 'n sisteem of instelling want die begrip "enkeling" by Stirner laat alleen ruimte vir 'n "ek sal" of "ek sal nie". Die houding van "ek sal" of "ek sal nie" word uitsluitlik bepaal deur die enkeling self en dit mag een van die twee wees ("ek sal" of "ek sal nie") of beide gelyktydig (in alle gevalle 'n skeptisisme). Hoogstens kan by Stirner se filosofie 'n omomwonde "ek sal" aangedui word (wat nie "ek sal nie" kan wees nie) wanneer die grondstelling van sy filosofie gemaak word : ek sal 'n enkeling wees. Die enkeling kan nie anders as om te sê : ek sal 'n enkeling wees nie, want hy kan nié sê : ek sal nie 'n enkeling wees nie - hy is enkeling per definisie.

### 5.3 Etiek en Moraliteit

In die breë sin kan gesê word dat elke tydvak van die geskiedenis sy etiese waardesisteme het wat as ideële voorgehou word hetsy deur enkeling of groepe. Die etiese waardesisteme kan in 'n mindere of meerdere mate van mekaar verskil. Hierdie waardesisteme skryf die morele wet voor (reëls vir optrede binne 'n gegewe situasie vir die tyd) en plaas die mens voor 'n "jy sal". Kierkegaard erken die feit dat sodanige waardesisteme gevind word, maar dit is vir hom



nié die belangrike nie, omdat hy die etiese anders sien. Dit moet ook gestel word dat die etiese en die religieuse stadions nou verbind is, trouens onafskeidbaar ineengevleg. En waar hier gepraat word van etiese, word in 'n sekere sin terselfdertyd ook gepraat van religie. Wat wel van belang is, is dat Kierkegaard die klem nie laat val op die objektiewe, aanwysbare etiese sisteme van sy tyd (of van ander tydvakke in die geskiedenis) nie, maar op die handeling van die etiese mens, irrelevant van die besondere tydvak waarin hy homself bevind (die tydvak is sekondêr). Wat wel van belang is, is dat die mens etiese mens kan wees, dit wil sê in relasie tot homself as verantwoordelike mens wat erns maak met sy eksistensie en op die religieuse vlak in essensiële relasie tot God. "If the individual is dialectical in himself inwardly in self-assertion, hence in such a way that the ultimate basis is not dialectic in itself, inasmuch as the self which is at the basis is used to overcome and assert itself, then we have the ethical interpretation."<sup>1)</sup> Vir Kierkegaard beteken die etiese dat die mens primêr met homself te doen het; hoe hy met homself te doen het, is nié vir die doel van hierdie argument belangrik nie (die hoe het te doen met wat reeds aangedui is as stel van die self, die dialektiese ens.) Die etiese word vir Kierkegaard 'n essensiële relasie van die enkeling met sigself en die etiese as moraliteit relatief

---

1. Johannes Climacus, Concluding Unscientific Postscript, p. 507.

in die tyd kry heeltemal sekondêre belang. Die enkeling het wel te doen met moraliteit van sy tyd, maar primêr is hy in essensiële relasie tot sigself en tot ander mense gekoördineer in essensiële relasie tot God.

Waar Kierkegaard die moraliteit van sy tyd nié ontken nie, maar deur sy positiewe klem op die etiese enkeling die futiliteit van die moraliteit van sy tyd aantoon, probeer Stirner op 'n negatiewe wyse die moraliteit van sy tyd vernietig.<sup>1)</sup> Enige vorm van moraliteit is vir Stirner onaanvaarbaar en hy stel alle vorme van moralistiese geloof gelyk - daar is vir hom geen verskil tussen die moralistiese geloof van sy tyd en die Christelike geloof nie, want beide bied morele sisteme wat in die lig van die geslotenheid en uniekheid van sy kategorie enkeling, onaanvaarbaar is. Indien moraliteit op sy eie bene staan, beteken dit dat sy grond in die rede lê. Die reëls van die moraliteit is mensgemaakte reëls, die MENS is die wetgewer. En vir Stirner bestaan daar geen begrip MENS in die algemeen nie. Die menslike vroomheid (die Christelike geloof) sê dat God die wetgewer is, en ook dit is absurd volgens Stirner, want die enkeling is sy eie wetgewer.<sup>2)</sup> Die enigste wet wat bestaan, is die wet wat in die enkeling lewe - die wette wat hy vir homself neerlê, aldan nie. Stirner se beswaar is dat wanneer die

---

1. Max Stirner, op. cit., p. 58 et seq.

2. Ibid., p. 75, 76.

enkeling sy eie heil uitwerk, dit wil sê sy eie wette neerlê (reëls vir optrede) hy deur die moraliteit van sy tyd beskuldig word van egoïsme en geplaas word onder die immoreles. Die moraliteit van sy tyd duld geen individuele optrede nie! Hierdie siening van sy tyd dat die WET (van die gemeenskap of van die Christelike geloof of van die staat) in die mens moet lewe en sy optrede moet beheer, is vir Stirner heeltemal onaanvaarbaar.

'n Verdere beswaar wat Stirner opper is dat moraliteit in diens van 'n doel (die idee) handel. Die enkeling sou dan 'n hoëre doel of roeping hê wat saamval met die idee (dit kan ook doel of wet genoem word) wat die moraliteit aan die enkeling voorhou. Hierdie idee is volgens die moraliteit van sy tyd 'n hoë, werklike idee wat bokant die enkeling bestaan en wat aan die enkeling 'n strewe en roeping gee (om die idee te realiseer). Stirner antwoord heftig op hierdie standpunt: "Ein Mensch ist zu nichts 'berufen' und hat keine 'Aufgabe', keine 'Bestimmung', so wenig als eine Pflanze oder ein Thier einen 'Beruf' hat."<sup>1)</sup> Die enigste doel wat die enkeling het, die doel wat hy kies om vir homself te stel, die enigste wet wat die enkeling ken, is sy eie wet - alle vorme van etiek en religie word afgewys, trouens dit is spoke dit bestaan nie, dit is absurd. Stirner en Kierkegaard pak beide dieselfde probleem, maar met uiteenlopende gevolgtrekkinge -

---

1. Max Stirner, op. cit., p. 435, 436.

Kierkegaard gee aan die etiek en die religie 'n nuwe inhoud, Stirner eindig in 'n skeptisisme.

#### 5.4 Vryheid

Kierkegaard gee aan die begrip vryheid verskillende betekenisse. Die eerste betekenis van vryheid word gevind in die toestand van moontlikheid waarin die enkeling homself bevind. Soos reeds gestel is hierdie toestand van moontlikheid die toestand vóór die sprong, voordat die gees gestel word met ander woorde die voorsonde stadium (ook die toestand van onkunde en onskuld, angs en wanhoop). Hierdie toestand van moontlikheid kan alleen geken word deur die verstaans-kategorie "die duielsing van vryheid" (dizziness of freedom). Die duielsing van vryheid is angsvolle moontlikheid van "om te kan". Adam in die voor-sondestadium is hiervan 'n voorbeeld: Hy ondervind die "moontlikheid om te kan" - hy weet nie wat sonde is nie, hy ken nie goed of kwaad nie, maar hy ondervind die moontlikheid dat hy iets kan doen. By hierdie moontlikheid "om te kan", bereik die onskuld sy verste moontlikheid. Wanneer die enkeling die moontlikheid "om te kan handel" ondervind, herken die enkeling die vryheid. Die enkeling kan nie handel nie, as hy nie die moontlikheid besef dat hy vry is om te handel nie. Hoe meer die enkeling hierdie moontlikheid van "om te kan", besef, hoe meer reflekteer hy oor die "duielsing van die vryheid". Dit moet duidelik verstaan word dat met die "duielsing van vryheid" nie vryheid in die tweede sin bedoel word nie. Vryheid in die tweede betekenis

kan alleen ondervind word waar daar vir die eerste keer gehandel word (die enkeling eksisteer) maar die enkeling in die voor-sondetoestand het nog nie gehandel nie, hy ondervind slegs die "duiseling van vryheid". Hierdie "duiseling van vryheid" gaan gepaard met angs, want die ondervinding van die "duiseling van vryheid" is die ondervinding van die moontlikheid om te kan, want in die angs lê ook die moontlikheid dat die enkeling vryheid kan ondervind en sodoende die onskuld en die onkunde kan verloor.

Buiten hierdie twee betekenis van die woord vryheid, is daar 'n meer algemene gebruik van die woord vryheid wat ook genoem moet word. Die enkeling is vry in die sin van dat hy enkeling is - dit is die grootste vryheid wat aan die mens gegee is. Hy is vry om sy eie keuses te maak. Niemand anders kan "my" eksistensie hê nie. Die "ek" staan wel in verhouding tot ander enkelinge, maar die "ek" moet ten slotte self eksistensieel handel, iemand anders kan dit nie vir hom of namens hom doen nie. Hierdie meer algemene gebruik van die begrip vryheid lê ten grondslag van Kierkegaard se hele eksistensie filosofie.

Die laasgenoemde betekenis van vryheid gee 'n aanknopingspunt vir Stirner se vryheidsbegrip. Vir Stirner loop die sogenaamde politieke - en religieuse vryheid van sy tyd parallel.<sup>1)</sup> Politieke vryheid beteken dat dit wat die staat

---

1. Cf. Max Stirner, op. cit., p. 129.

doen (die handeling), vry is. Die staat het die mag om as politieke en staatkundige entiteit te handel soos wat hy kies of besluit om te handel. Hierdie handeling is die staat en die staat as oorkoepelende instelling is vry om te handel volgens sy eie keuse en wél as oorkoepelende instelling - verantwoordelik alleen aan sigself as absolute vrye bokant die massa en bokant die enkeling.

Die staat is nie alleen as funksionele entiteit vry om te handel volgens sy eie besluite nie, maar die staat het ook 'n abstrakte bestaan - die "idee" van die staat. En om as staat sig te vereenselwig met die "idee" staat, is die hoogste doel van die staat; maar dit is ook die hoogste en primêre doel van die enkeling as burger om sig te vereenselwig met die doel van die staat. Aangesien die staat alleen sigself as uitgangspunt en doel het en slegs gebind is aan sy eie keuses, is die staat volkome vry. Niks en niemand anders behalwe die staat kan vry wees nie - die enkeling kan alleen vry wees as sy handeling ooreenstem met die handeling van die staat, indien sy idees ooreenstem met die idee van die staat. Die volk kan alleen vry wees as sy handeling en idees ooreenstem met dié van die staat.<sup>1)</sup> Dieselfde argument geld ten opsigte van die religie. Hierdie wanopvatting sê Stirner, moet bestry word - want die vryheid van die staat of godsdiens is nie my vryheid nie, maar alleen die vryheid van

---

1. Max Stirner, op. cit., p. 281. "Volksfreiheit ist nicht meine Freiheit!"

die mag wat my beheer en oor my heers. Die enkeling kan alleen werklik vry wees **as** hy vry is om te handel slegs volgens sy eie keuses en alleen verantwoordelik aan homself - die enkeling het geen verpligting om na die voorskrif van die staat of die godsdiens te handel nie.

Hierdie argument van hom geld ten opsigte van enige stelsel wat vryheid propageer; die sosiale liberalisme byvoorbeeld sê dat vryheid alleen bestaan wanneer die gemeenskap vry is van alle bande wat hom bind - elkeen gelyke regte, geen armoede, gelyke keuse vir almal ens. Almal moet dieselfde mate van welvaart ervaar voordat die idee vryheid verwesenlik is (in die sin van as A gelyk is aan 1 moet B ook eers gelyk wees aan 1 en so ook C, D, E ens.). Die idee vryheid bestaan vir hulle (as ideaal) maar dit moet nog verwesenlik word. En die plig van elke enkeling is om in hierdie idee te glo en hom te beywer vir die realisering daarvan. Die humane liberalisme weer verhef die idee "humaniteit" tot die hoogste goed - dit moet die al van die enkeling se lewe wees, om 'n MENS te wees. Vir hulle geld die prinsipe dat arbeid die mens "vrymaak".

Stirner verwerp al hierdie stelsels. Volgens hóm (die klem val hier op die hóm, want iemand anders het die vryheid om anders daarvoor te dink) het hy niks van iemand nodig nie. Hy soek geen voorregte bó ander nie, hy wil nie met ander iets te doen hê nie en wil geen reg besit om met



ander se sake in te meng nie en verwag dit ook dat ander hom in sy "alleenheid" en "geslotenheid" sal laat.<sup>1)</sup> Hy het geen bekommernis oor ander nie, en ander hoef hul nie oor hom te bekommer nie. Hy wil vry wees om te doen soos hy verkies, wat dit ookal mag wees.<sup>2)</sup>

"Welch ein Unterschied zwischen Freiheit und Eigenheit! Gar vieles kann man los werden, Alles wird man doch nicht los; von Vielem wird man frei, von Allem nicht. Innerlich kan man trotz Zustandes der sklaverei frei sein, obwohl auch wieder nur von Allerlei, nicht von Allem; aber von der Peitsche, der gebieterischen Laune u.s.w. des Herrn wird man als Sklave nicht frei. 'Freiheit lebt nur in dem Reich der Träume'! Dagegen Eigenheit, das ist mein ganzes Wesen und Dasein, das bin Ich selbst. Frei bin Ich von Dem, was Ich los bin, Eigner von dem, was Ich in meiner Macht habe, oder dessen Ich mächtig bin. Mein eigen bin Ich jederzeit und unter allen Umständen, wenn Ich Mich zu haben verstehe und nicht an Andere wegwerfe."<sup>3)</sup> Uit hierdie aanhaling en vele ander is dit duidelik dat volgens Stirner geen mens vry kan wees, indien daar 'n mag of idee (van watter aard ookal) oor die enkeling is nie.<sup>4)</sup> Die enigste mag wat die vrye enkeling

---

1. Max Stirner op. cit., p. 270. "Lass das Recht einmal nicht mehr frei umherlaufen, sieh' es in seinen Ursprung, in Dich, zurück, so ist es dein Recht, und recht ist, was Dir recht ist."

2. Ibid., p. 183.

3. Ibid., p. 207.

4. Ibid., p. 244. "Meine Macht ist mein Eigenthum.  
Meine Macht giebt Mir Eigenthum.  
Meine Macht bin Ich selbst und bin durch  
sich selbst Eigenthum."



het, is sy eie mag.

Waar Kierkegaard en Stirner beide ten grondslag van hulle filosofie die klem laat val op die vryheid van die enkeling en dat vryheid 'n begrip is wat geen bestaansreg het as dit nie in relasie tot 'n spesifieke enkeling staan nie, loop hul verdere uitbouing van die kategorie vryheid, uiteen. Kierkegaard sien die vryheid van die enkeling juis in gebondenheid aan nie alleen die moontlikheid van die self nie, maar ook gebonde as enkeling binne sy eksistensie as handelende wese (sondige, skuldige, angstige en geestelike mens - trouens al die kategorieë van die menslike eksistensie kan hier genoem word). Stirner sien die enkeling as vrye enkeling en geensins in relasie tot die etiese of die religieuse nie. Waar Kierkegaard etiese en religieuse begrippe betrek binne die vryheidsfeer van die enkeling, met ander woorde die enkeling is in sigself as vrye enkeling in relasie tot sigself en hierdie relasie kan ook 'n eties-religieuse relasie wees (dit bly alles binne die kategorie van die enkeling), sien Stirner enige vorm van relasie tot die etiese of religieuse as 'n relasie wat sou beteken dat die enkeling in relasie moet tree tot iets wat buite hom is, en daarom word dit per definisie verwerp. Stirner "isoleer" die enkeling van die eties-religieuse lewe, van die politieke en volkslewe - trouens van alles wat volgens sy siening "buite" die enkeling lê. Die enkeling "verdwyn" uit die volkslewe, die familie- en gesinslewe, die sosiale lewe, die religieuse lewe ens.;

trouens slegs die ondeurdringbare en selfonderhoudende "atomistiese" enkeling het volgens hom enige bestaansreg.

#### 5.5. Enkeling en Massa

Voortvloeiend uit die vryheidsbegrippe van Stirner en Kierkegaard is dit nodig om 'n waardebeplating te maak van die klem wat beide laat val op die plek van die enkeling as enkeling te midde van die groepsverband waarin hy homself bevind.

Kierkegaard se verdienste lê juis daarin dat hy in die tydperk van sosialisme en kollektiwisme aan die enkeling 'n regmatige plek in die wêreld gee. 'n Tendensverskynsel van sy tyd was dat mense bang was om individualiteit te toon, trouens ook Stirner toon hierdie tendens aan as die groot euwel van sy tyd. Hierdie probleem van individualiteit is natuurlik relevant solank as die enkelinge en groepe (familie, volke, ras ens.) bestaan.

Die kritiek word soms teen Kierkegaard uitgespreek dat hy 'n eensydige beklemtoning van die individualiteit stel en dat die gevolg daarvan is dat die enkeling die gevaar loop om só geïsoleerd te raak, dat hy 'n abstrakte bestaan voer los van enige gesinsverband, familieverband, volks- en

groepsverband ens.<sup>1)</sup> Kierkegaard se enkeling sou dan in die lig hiervan nie 'n aanvaarbare soort enkeling wees nie, in-teendeel dit sou slegs 'n eensydige en wanbegrip van die enkeling gee. In 'n meerdere en sterker mate sou hierdie kritiek dan ook op Stirner van toepassing wees; want hy isoleer sy enkeling doelbewus so dat hy as 'n abstrakte niks verdwyn.

Martin Buber grond ook sy skerpste kritiek van Kierkegaard se filosofie op bogenoemde stelling.<sup>2)</sup>

Nou mag dit só wees dat gegronde parallele uit Kierkegaard se persoonlike lewe geneem mag word wat aanduiding sou gee vir genoemde kritiek - om net 'n paar te noem : sy onvermoë om die verhouding met Regina Olsen tot 'n huwelik te laat oorgaan, die feit dat hy nooit werklik deel geword het van die klerikales in die kerk van sy tyd nie, sy "geïsoleerdheid" by die universiteit, sy verhouding tot sy vader wat nooit tot 'n normale verhouding wou ontwikkel nie ens. Hierdie "simbole" uit sy eie lewe noem Kierkegaard doelbewus om sy siening van individualiteit te toon. Waar dit wel só mag wees dat die enkeling se individualiteit oorbeklemtoon word,

---

1. J. Sperna Weiland, op. cit., p. 19. "..... human existence threatens to evaporate into an abstract freedom and Kierkegaard is in danger of losing his grasp on the 'historicity' (Geschichtlichkeit) of existence. Man becomes the solitary 'individual' detached from the community ... an 'individual' not only in the deep religious sense which this category also has in Kierkegaard's philosophy."

2. Martin Buber, op. cit., p. 80 et seq.

is dit aan die anderkant ook waar dat Kierkegaard juis probeer aantoon dat die kategorie enkeling primêr is vir enige deelname ten opsigte van die massa. Individualiteit is die voorvereiste vir deelname aan die massa en hierdie voorvereiste is Kierkegaard se primêre belangstelling. In sy The Point of View for my work as an Author onder die afdeling "Concerning the Dedication to 'The Individual'" maak Kierkegaard die bekende stelling: "For a 'crowd' is the untruth."<sup>1)</sup> Sy uitbouing van hierdie hele gedagte kom daarop neer dat alles wat in groepsverband gesien kan word, in skrilte opposisie tot die kategorie van die enkeling staan. Die optrede van die massa is vir hom die onwaarheid.<sup>2)</sup> Hiermee word bedoel dat by die korrekte siening van wat die massa (crowd) behoort te wees, die wegspringplek nie die kategorie van die massa is nie, maar die kategorie van die enkeling. Kierkegaard stel dit so: "Every serious person who has any eye for the conditions of our time will easily perceive how important it is to make a profound effort and a regorously consistent one, which does not draw back from the extreme consequences of the truth, to oppose boldly the immoral confusion which, philosophically and socially, tends

---

1. p. 110.

2. Voorbeelde soos die kruisiging van die Christus en die probleem van individuele of kollektiewe skuld of verontskuldiging ten opsigte van die kruisiging, is vir hom belangrik. Vgl. S. Kierkegaard, The Point of View for my work as an Author, p. 109 et seq.

to demoralize 'the individual' by means of 'mankind' or a fantastical notion of society; a confusion which proposes to teach ungodly contempt for that which is the prime condition of religiousness, namely, to be a single individual man. This confusion can only be opposed by making men if possible single individuals - yet after all every man is a single individual!"<sup>1)</sup> Tereg beskou Kierkegaard dit só dat etiese en religieuse sake soos skuld, sonde, genade ens. primêr binne die kategorie van die enkeling val. Dit sou dan die basis kon bied vir 'n korrekte siening van die enkeling in relasie tot die massa en die wêreld. Indien dit so sou kon wees, soos hy dit in die bovermelde passasie stel, dat alle mense enkele individue gemaak word, sou 'n mens ook die ideale begrip van die massa (crowd) hê!

Stirner weer bied aan die groep geen bestaansreg nie - so 'n begrip is nie alleen 'n onding nie, dit moet bestry word, want alleenlik die enkeling het wesenlike bestaansreg.<sup>2)</sup> Kierkegaard laat egter nog die moontlikheid vir "individuele" deelname in die groep (en die klem val op die "individuele" en nie op "groep" nie).

- 
1. S. Kierkegaard, The Point of View for my work as an Author, p. 126, 127.
  2. Max Stirner, op. cit., p. 302. "Für Mich ist jedenfalls das Volk eine - zufällige Macht, eine Natur-Gewalt, ein Feind, den Ich besiegen muss."

H O O F S T U K 6

DIE ENKELING EN DIE RELIGIEUSE

Kierkegaard onderskei drie stadia in sy filosofie - die estetiese, die etiese en die religieuse. Die verdeling in hierdie drie stadia het in die eerste plek 'n funksionele doel - die oorgang van een vorm van lewe na 'n hoër vorm van lewe word hiermee aangedui. Dit word egter deur Kierkegaard ook duidelik gestel dat hierdie stadia onderskei kan word, maar nie geskei kan word nie. Binne die etiese en religieuse stadiums byvoorbeeld word ook elemente van die estetiese stadium gevind; die etiese en religieuse stadiums weer is ineen gevleg tot so 'n mate dat eerder van eties-religieuse stadium gepraat moet word.<sup>1) 2)</sup> Die samehang en verband tussen hierdie stadia is besonder ingewikkeld en kan beskou word as een van die belangrikste temas van sy werke - dit val egter buite die bestek van hierdie werk om dié relasie te bespreek. In die vorige hoofstukke is deur analise van sekere belangrike kategorieë reeds 'n aanduiding gegee van wat bedoel word met die oorgaan tot die religieuse stadium (vgl. die kategorieë sprong, oomblik, vryheid, gees en waarheid). Daar is egter sommige belangrike religieuse kategorieë by Kierkegaard en Stirner wat vergelyk moet word. Wanneer

- 
1. Cf. Louis Dupré, op. cit., p. 46, 47 en William Barret, op. cit., p. 168 en veral George Price, The Narrow Pass.
  2. Helmut Fahrenbach, Kierkegaard's Existenzdialektische Ethik, p. 134. "die religiöse Existenz kann nicht als eine vom ethisch Allgemeinen schlechthin abgetrennte fixiert werden, sie bleibt religiös-ethische Existenz, sofern sie überhaupt menschliche Existenz bleibt."

Kierkegaard die stelling maak dat elke mens die moontlikheid het om 'n religieuse mens te wees (dus na sy wese is hy religieus), word met die stel van die sprong as transisie-kategorie die oorgang na 'n religieuse vorm van lewe moontlik. Met die sprong hang saam die kategorieë oomblik, gees, vryheid, waarheid en 'n groot aantal ander kategorieë. Die belangrikste kategorieë wat nog nie onder bespreking gekom het nie, is sonde, skuld en angs - dit word kortliks bespreek.<sup>1)</sup>

Die voor-sondestadium word ook aangedui as die toestand van onkunde; onkunde ten opsigte van goed en kwaad, dit wil sê onkunde ten opsigte van die dimensie sonde. Noodwendig moet daar dan 'n verband bestaan tussen die toestand van onkunde en die eerste sondige daad van die enkeling. Die enkeling moet op een of ander wyse kundig raak ten opsigte van die kategorie sonde. Die enkeling in die toestand van onkunde het wel 'n gewaarwording of ondervinding wat vir hom die logiese stap sal gee waar die onkunde verloor word (die toestand van moontlikheid). Hoe die enkeling die moontlikheid van 'n ondervinding van iets wat kán gebeur ('n handeling wat kan plaasvind), kan ondervind, is miskien moeilik om te begryp. Die enigste verklaring wat gegee kan word, is dat dit 'n psigologiese gevoel of ingesteldheid ("inner state") is, wat nié deur 'n konkrete handeling van enige aard uitgedruk kan word nie.

---

1. Cf. veral Anti-Climacus, The Sickness unto Death en Vigilius Haufniensis, The Concept of Dread.



Twee tipes van "sonde" moet onderskei word: dié van die enkeling en dié van die geslag. Hoe is die twee verwant? Dit moet in gedagte gehou word dat die mens 'n "enkeling" is en as sodanig is hy terselfdertyd homself en die hele geslag - die geslag neem deel (participates) in die enkeling en die enkeling in die geslag. Waar die enkeling handel en optree, is dit ook meteen die geslag wat handel en optree. Van 'n "psigologiese" standpunt bepaal Adam se sonde nie die noodwendigheid van die sonde van enige enkeling nie; daar kan nie gesê word dat die enkeling noodwendig sondig nie. Dit kan so aangetoon word: indien die enkeling noodwendig sou sondig beteken dit dat daar 'n voorveronderstelling van sy handeling moet wees en dit wil sê van sy gesteldheid wat die korrelaat van die handeling is. Indien so 'n benadering noodwendig is, sou 'n beroep op "geloof" en "Goddelike openbaring" onnodig wees. Maar die kategorie "sonde" val juis in die kategorie van "openbaring" en "geloof". Kortom, dit beteken dat sonde 'n noodwendige element is van enige individu se "gesteldheid", wat noodwendige gedragslyne binne 'n gegewe situasie sou voorskryf. Dit wil sê, die enkeling tree op met 'n sekere gegewe "gesteldheid" met "sonde" as 'n noodwendige element van die "gesteldheid". Die "benadering" van die enkeling het dus as voorveronderstelling 'n "gesteldheid" met die element "sonde". Die logiese stap is dan dat indien die "gesteldheid" 'n noodwendige element van sonde bevat, beteken dit nie alleen dat 'n ander "gesteldheid" (waar die element "sonde" afwesig is), nie moontlik is

nie, maar ook dat die handeling noodwendig beskryf word in terme van die vooropgestelde "gesteldheid". Volgens die reël van noodwendigheid sou die Skrif dan onnodig wees: dit wil sê, die "beandering" en "handeling" van die enkeling kan nie anders wees dan wat dit wel is nie ('n gesteldheid wat die element "sonde" as kenmerk het).

Sonde val nie binne die kategorie noodwendigheid nie. Soos Adam gesondig het en die eerste sonde in die wêreld gekom het, netso, wanneer die enkeling sondig, kom sonde in die wêreld. "Sin comes into the world by a sin."<sup>1)</sup> Kierkegaard wend geen poging aan om 'n genetiese ontleding te gee van die sonde nie, aangesien vrae oor die realiteit van sonde vir hom buite wat hy noem die psigologiese benadering val, maar wel binne die gebied van die etiek. Dit word dus nie vooropgestel dat die idee van "die sonde van A" gelyk is aan .... en om dan 'n ontleding te gee van wat dit is nie. Indien die tradisionele siening van die Reformasie gehandhaaf word, dan wil dit sê dat Adam se sonde (as die oorspronklike eerste sonde) 'n substansiële verandering in die menslike geslag teweegbring het; met ander woorde die sonde is dan deel van die gegewenheid van die mens. Daarom, die feit dat die enkeling behoort tot die wêreld, maak die sonde van die enkeling noodwendig. Maar indien die behorendheid tot die wêreld nié noodwendig die sonde van die enkeling impliseer

---

1. The Concept of Dread, p. 29.

nie, dan is die sonde van Adam geensins verskillend van die sonde van die enkeling wat sondig nie (in bogenoemde verband gesien). Nietemin moet daar 'n onderskeiding gemaak word tussen die oorspronklike sonde (van Adam) en die eerste sonde van die enkeling. Die eerste sonde (die sonde van Adam) het 'n nuwe kategorie in die wêreld gebring, 'n nuwe dimensie in menslike ervaring. Die eerste sonde van elke enkeling val binne hierdie kategorie.

Die "enkeling" kan 'n sekere "gesteldheid" hê. Adam het hom in 'n sekere "gesteldheid" bevind voordat hy vir die eerste keer gesondig het. Laat ons dit gesteldheid a. noem. Toe het Adam vir die eerste keer gesondig. Die enkeling Adam bevind hom dan in 'n nuwe gesteldheid, laat ons dit b. noem. Met die eerste sonde word ook die moontlikheid gestel om weer te sondig, dit is ook 'n "gesteldheid", c.

Op hierdie stadium kan die volgende onderskeidings dan gemaak word:

- a) Die "gesteldheid" van die "enkeling" voor die eerste sonde.
- b) Die "gesteldheid" van die "enkeling" met die eerste sonde.
- c) Die "gesteldheid" van die "enkeling" ná die eerste sonde.

"Skuld" word 'n essensiële bestanddeel in die religieuse stadium aangesien dit die mees konkrete uitdrukking van bestaan is. Waar die betekenisvolheid van "skuld" onder bespreking kom, moet in gedagte gehou word dat die vraag na kwantiteit irrelevant is. Dit kan verklaar word deur in die oog te hou dat met die "sprong" 'n nuwe kategorie daargestel word en soos reeds verduidelik, is dit 'n kwalitatiewe sprong. In hierdie sin is die kwantitatiewe irrelevant, want die intellektuele wat slegs die moontlikhede ondervind, hou sig besig met die kwantitatiewe - in die sprong word dit kwalitatief, omdat die enkeling subjektief daarby betrokke is en as bestaande (eksistensiële) mens sekere etiese beoordelinge maak ten opsigte van sigself binne 'n gegewe situasie en soos aangedui geld "goed" of "kwaad", of "reg" of "verkeerd" alleen ten opsigte van die beoordeling van die enkeling binne die sekere situasie en kan nié gemeet word aan algemene, voorgeskrewe etiese reëls nie. In hierdie sin dan ondervind die enkeling skuld sodra die gees gestel word in die oomblik.<sup>1)</sup>

Sodra die gees gestel word, ondervind die enkeling vryheid "there comes into being along with this An sich of freedom another figure, guilt."<sup>2)</sup> Hoe ontstaan die "skuld" dan? Uit die voorafgaande is dit duidelik dat

- 
1. Cf. Concluding Unscientific Postscript, p. 475.
  2. Cf. The Concept of Dread, p. 97.

die ondervinding van "skuld" alleenlik kan plaasvind waar die enkeling geïnteresseerd innerlik na sigself keer. Dit wil nié sê dat die enkeling dan "skuld" sal ondervind nie, maar die ondervinding van die moontlikheid van skuld word meer. Alleenlik deur die "sprong" kan "skuld" wel gestel word.

Die enkeling wat die oomblik ondervind, word dus "skuldig". Met ander woorde wat bedoel word, is dat die "sprong" 'n nuwe kategorie vir die enkeling word waarvan die vernaamste eienskap die onderskeiding van "goed" en "kwaad" is. Nou is dit belangrik om daarop te let, dat met die stel van "vryheid" en "skuld" en "sonde" met die "sprong" die enkeling wel nog "angs" ondervind, maar angs in 'n nuwe sin.

Kortliks dan: Sodra die enkeling die onderskeiding van "goed" en "kwaad" ken, ondervind hy angs in 'n nuwe sin - want die "angs" het nou 'n "konkrete" objek "goed" en "kwaad". Met ander woorde, 'n persoon wat in 'n sekere situasie beland en wat tevore die "sprong" ondervind het (dit wil sê wat voorheen binne 'n situasie geïnteresseerd en subjektief eties gehandel het), kan in 'n nuwe situasie angs ondervind ten opsigte van hoe hy moet of gaan handel. Die enkeling het nou 'n "onderskeidende" kyk op sake en hy weet die implikasie van die besluit wat hy moet neem. Waar so 'n persoon dan vrees om die "goeie" te doen, ondervind hy angs - dit wil sê die spanning wat ondervind word in antisipasie van 'n

moontlike handeling. Hierdie vorm van angs dra 'n demoniese karakter, met ander woorde daar vind 'n "afname" plaas in die vryheid wat die enkeling ondervind. Hierdie toestand is eintlik 'n retrogressie en 'n toename van sonde. Aan die ander kant "angs" ten opsigte van die kwade dra 'n karakter van beheering, rekonsiliasie.<sup>1)</sup>

Wat is die verband dan tussen "skuld" en "sonde"? Eerstens is gesê dat "skuld" 'n nuwe kategorie is wat gestel word met die "sprong", met ander woorde die enkeling sien homself as skuldig (consciousness of guilt). Wat word hiermee bedoel?

In die gewone taalgebruik word die begrip "skuld" in verskeidenheid van kontekste gebruik. 'n Persoon kan skuldig wees as hy sekere bestaande wette oortree het. ('n Persoon wat moord pleeg, is skuldig aan die oortreding van 'n landswet indien daar 'n wet in die land is wat moord verbied.) In 'n sekere sin kan 'n persoon ook "skuldig" wees indien hy optree buite die eise wat in 'n sekere situasie vereis word. In dié sin dan kan skuldig beteken "verkeerd optree" binne 'n situasie, dit wil sê nié optree volgens sekere vereistes nie. Die laaste voorbeeld verskil egter van die vorige daarin dat met laasgenoemde "straf" en "veroor-

---

1. Aangesien 'n volledige ontleding van hierdie nuwe vorm van 'angs' ons te ver buite die bestek van hierdie werkstuk sal bring, word dit dan nie verder uitgewerk nie.

deling" nie noodwendig ter sprake kom nie, waar dit wel by die eerste voorbeeld gewoonlik in verband gebring word. 'n Verdere voorbeeld van 'n "enkeling wat skuldig" is, is die voorbeeld van iemand wat met die beste bedoelinge optree binne 'n sekere situasie (soos hy dit sien) maar nogtans verkeerd optree - byvoorbeeld 'n persoon wat 'n vuurhoutjie trek in die donker om andere die pad deur 'n vertrek aan te dui, terwyl die vertrek gevul is met hoogs ploffbare gasse. Daar kan uitgebrei word op hierdie voorbeelde ....

Nou moet in gedagte gehou word dat, volgens die teorie, die enkeling wat slegs met die moontlikhede gekonfronteer word (die genie), in 'n sekere sin nié skuldig kan wees nie.<sup>1)</sup> Die intellektuele genie "vrees vir skuldig wees" ten opsigte van 'n "moontlike benaderingswyse" - die heiden wat 'n moord pleeg en nié die kategorie van die "oomblik" ondervind nie waardeur "goed" en "kwaad" gestel word nie, is onkundig ten opsigte van hierdie spesifieke kategorie. Dit wil sê hy kan wel skuldig bevind word deur 'n hof en tot die dood veroordeel word, maar die enkeling self het nié insig in hierdie kategorie waarvan Kierkegaard skryf nie. Daarom het ons in hierdie verband nié te doen met enige van bogenoemde voorbeelde nie - omdat "skuld" 'n subjektiewe ondervinding van die enkeling is. "Skuldig wees" in hierdie sin is dus

---

1. Vir die doel van hierdie werk is dit voldoende om te sê dat "die genie" die enkeling is wat "die wêreld win" deur byvoorbeeld eer, bekendheid, mag ens. te bekom, maar wat nooit werklik tot eie, innerlike skuldbesef kom nie.



nié die ondervinding van 'n enkeling wat veroordeel voor andere of voor 'n geregsbank of ten opsigte van sekere algemene landswette staan nie. Skuldig wees is die wete dat die enkeling skuldig staan voor God.<sup>1)</sup> Die betekenis van "skuld" is dus nou verbonde aan die relasie van die enkeling ten opsigte van 'n "bomenslike realiteit". Deur "skuld" só te sien (en dit gebeur wanneer die kategorie "skuld" gestel word), sien die enkeling homself as "skuldig voor God en dus as sondig."<sup>2)</sup> "Skuld" is dus die siening van die enkeling ten opsigte van sigself in relasie tot die Godheid. Dit is 'n nuwe kategorie.

Dit wil dus voorkom asof die enkeling in 'n sekere sin "die moontlikheid van skuld" kan ondervind (dit is skuld in die eerste sin) terwyl dit nié 'n definitiewe uitdrukking is van die geïnteresseerde, passievolle self nie. Dus kan die enkeling, terwyl hy "skuld" in hierdie eerste sin ondervind, sy verantwoordelikheid ontduik om homself te sien in relasie tot God, die Absolute. Aan die ander kant: wanneer die enkeling tot "skuld" - besef gekom het (in die tweede sin) gebeur dit met die sprong in die "oomblik" en die

- 
1. D. Eduard Geismar, Søren Kierkegaard, p. 198. "Der Einzelne kann gar nicht in ein Verhältnis zu Gott kommen, ohne seinen Abstand von Gott als Schuld aufzufassen."
  2. Cf. Concluding Unscientific Postscript, p. 474. "In the consciousness of guilt it is the selfsame subject which becomes essentially guilty by keeping guilt in relationship to an eternal happiness, but yet the identity of the subject is such that guilt does not make the subject a new man, which is the characteristic of the breach."



"oomblik" is meteen niks anders dan om "voor God" te wees nie. Met die "oomblik" kom die sonde, die sonde kom met die "sprong".<sup>1) 2)</sup>

Waar Kierkegaard 'n besonder interessante inhoud gee aan begrippe soos sonde, skuld, wanhoop, angs en vrees, kom van hierdie begrippe wel by Stirner voor, maar in 'n meer eenvoudige en minder ingewikkelde vorm.

Vir Stirner lê ten grondslag van bogenoemde begrippe, die begrip "heiligheid".<sup>3)</sup> Die "gees van sy tyd" het onder heiligheid verstaan dit wat 'n boardse of bomenslike element besit, hetsy of die begrip "heiligheid" in verband gebring word met materiële voorwerpe, plekke of mense. Dit sou dan beteken dat iets wat heilig is, 'n "ekstra" onverstaanbare kwaliteit het wat dit verhef bó die gewone. Stirner gaan van die standpunt uit dat iets heilig is deur dit heilig te verklaar ('n klip of 'n kerk of 'n mens kan as heilig verklaar word). Nou is dit so, volgens hom, dat vir klein kindertjies daar niks bestaan wat "heilig" is nie, met ander woorde waar die mens wel gebore word met

- 
1. Jean Wahl, Philosophies of Existence, p. 32. "Sin then, is the gateway to the religious life. To exist, therefore, is to be a sinner. To exist is to become conscious of the fact that existence itself is sin. But, on the other hand, existence is the highest state to which we can attain."
  2. Hayo Gerdes, Søren Kierkegaard, p. 68. "Die Sünde selbst bleibt eine unbegreifliche Freiheitstat, für welche Kierkegaard die kategorie des Sprunges verwendet."
  3. Max Stirner, op. cit., p. 92 et seq.

natuurlike vrees (die kind vrees vuur, 'n wilde dier, sy ouer se toorn ens.), is "heilig" niks anders dan natuurlike vrees nie. Die mens "sien" dus sy omgewing of 'n voorwerp of persoon (wat dit ookal mag wees) met 'n houding van vrees; die voorwerp van sy vrees word dan verhef tot 'n iets wat deur die enkeling as magtig en groter gestel word. Trouens in so 'n mate dat hy dit hoër as homself stel. Hy plaas dit buite sy begrip, omdat hy dit vrees en nie begryp nie.<sup>1)</sup> Hierdie proses van vrees kan gradueel toeneem; die enkeling kan só vasgevang word deur sy eie vrees dat die voorwerp van sy vrees geëer en selfs aanbid word. Die uiterste vorm van vrees is geloof.

Die begrip sonde het ook sy plek in hierdie raamwerk. Die enkeling wat sekere dinge vir heilig hou (voorwerpe, persone, etiese-godsdienstige wette) sien homself as iemand wat te kort skiet, hy kan by die "heilige" nié bykom nie; om aan die heilige gelyk te kan wees of te voldoen, lê buite sy bestek. Dit wek nie alleen meer vrees nie, maar veroorsaak ook 'n skuldgevoel. Gemeet aan die "Heilige" sien die mens homself as onvolmaak (nie gelyk aan die heilige), trouens hy noem homself "sondig". Hierop antwoord Stirner : "Wir sind allzumal vollkommen, und auf der ganzen Erde ist nicht Ein Mensch, der ein Sünder wäre! Es giebt Wahnsinnige, die sich einbilden, Gott Vater, Gott Sohn oder der Mann im

---

1. Max Stirner, op. cit., p. 50. "Fremdheit ist ein Kennzeichen des 'Heiligen'."

Monde zu sein, und so wimmelt es auch von Narren, die sich Sünder zu sein dünken; aber wie jene nicht der Mann im Monde sind, so sind diese - keine Sünder. Ihre Sünde ist eingebildet."<sup>1)</sup>

Stirner en Kierkegaard ontken albei die erfsonde. Waar Kierkegaard met erfsonde wegdoen om 'n deterministiese standpunt te ontwyk, stel Stirner in die plek van erfsonde die "natuurlike instinkte" van die enkeling. Kierkegaard stel met die "sprong" die kategorie sonde en skuld van die menslike eksistensie en gee daaraan 'n positiewe inhoud. Stirner bly in gebreke om die "natuurlike" vreeselement wat ten grondslag lê van sy siening van hoe die waanbeelde van heiligheid, skuld en sonde ontstaan, verder uit te werk. Indien die mens dan nie sondig na sy wese is nie en sonde op geen stadium wesenlik deel van die menslike eksistensie uitmaak nie, en hy na sy wese wel natuurlike kragte het, is dit logies dat daar immers 'n inhoud aan die begrip natuurlike kragte gegee moet word, wat dan 'n positiewe standpunt sou stel teenoor ander teorieë van sonde en skuld.<sup>2)</sup> Indien die enkeling "der Einzige" is met sy "eigenthum", dan moet gesê word wát hom uniek en uitsonderlik maak.

Stirner redeneer konsekwent wanneer hy die probleem en die relasie religie - moraliteit benader. Die enkeling besit na sy wese slegs "natuurlike kragte", hy is na sy wese

---

1. Max Stirner, op. cit., p. 481.

2. Max Stirner, op. cit., p. 15. "An Naturgewalten üben Wir Unsere ersten Kräfte."

nié religieus aangelê nie, met ander woorde hy het nie na sy wese die moontlikheid om religieuse mens te wees nie (hier in teenstelling met Kierkegaard). Religieuse begrippe is wanbegrippe wat stam uit die enkeling se natuurlike vrese. Die religieuse druk die enkeling se verhouding tot 'n sogenaamde "hoëre wese" uit; en hierdie relasie is blote verbeelding. Netso kan die enkeling ook 'n stel etiese reëls neem en dit verhef tot "heilig" en "hoogste goed", wat dan beteken dat die enkeling homself stel in relasie tot hierdie "absolute", en hierdie relasie is per definisie verbeelding, want volgens Stirner kan niks en niemand werklik bokant of buite die enkeling wees en terselfdertyd in relasie tot hom nie. Deur só te redeneer, kan Stirner etiek en religie onder dieselfde kritiek laat deurloop en is daar vir hom geen wesenlike verskil tussen etiek en religie nie; beide die religieuse en die etiese mens is in 'n sogenaamde relasie tot iets wat "heilig" of "hoër" of "absoluut" is. Wat die "heilige" of "hoëre" of "absolute" is, is nié ter sprake nie, die belangrike is dat die enkeling homself in 'n verbeeldingsituasie plaas.<sup>1)</sup>

"Denn zwischen Religion und Sittlichkeit waltet nur so lange ein Unterschied ob, als unsere Beziehungen zur Menschenwelt durch unser Verhältniss zu einem übermenschlichen Wesen geregelt und geheiligt werden, oder so lange als unser

---

1. Stirner se wyse van redeneer ten opsigte van religieuse begrippe soos heilig, skuld en sonde toon ooreenkoms met die hedendaagse "linguistic analysts" se wyse van redeneer en die resultaat ten opsigte van bv. die begrip "heilig" is ongeveer dieselfde.

Thun ein Thun 'um Gottes willen' ist. Kommt es hingegen dahin, dass 'dem Menschen der Mensch das höchste Wesen ist,' so verschwindet jener Unterschied, und die Sittlichkeit vollendet sich, indem sie ihrer untergeordneten Stellung entrückt wird, zur - Religion. Es hat dann nämlich das bisher dem höchsten untergeordnete höhere Wesen, der Mensch, die absolute Höhe erstiegen, und Wir verhalten Uns zu ihm als zum höchsten Wesen, d.h. religiös."1)

Deur religie en etiek as verbeeldingsvlugte te bestempel, eindig Stirner weer eens in 'n nihilisme.

---

1. Max Stirner, op. cit., p. 75, 76.

SLOTBESKOUING

Dat Kierkegaard en Stirner beide briljante insigte in sommige filosofiese probleme gehad het, is nie te betwyfel nie. Aan die ander kant is dit ook waar dat albei in 'n mindere of meerdere mate in gebreke bly om bevredigende antwoorde op sekere probleme te gee. Enkele van hierdie belangrike aspekte word voorts bespreek.

Kierkegaard plaas die intens persoonlike en individuele betrokkenheid van die enkeling sentraal in die mens se deelname aan die spel van die lewe. Sy filosofie is dan ook die beoefening en uitdrukking van sy eie persoonlike, intieme deelname in die lewe. Dat sy filosofie doelbewus kompleks en moeilik verstaanbaar geskryf is, is omdat Kierkegaard die lewe as nié so eenvoudig gesien het nie, in teenstelling met sy tydgenote. Sy elaborate, ontwykende manier van skryf is doelbewus só om sy tydgenote te mislei ten opsigte van wat hy as enkeling so passievol en met intense lyding ervaar het. Sy persoonlike lewe is dan ook tot 'n groot mate die sleutel tot sy filosofie. Kierkegaard lewer 'n uiters belangrike bydrae tot die filosofie wanneer hy die enkeling in die sentrum van sy filosofie plaas en op 'n ontwykende manier pleit dat elke persoon sy individualiteit moet beoefen. In Kierkegaard se filosofie gaan dit om die enkeling: wat is my taak in die lewe, waar staan ek ten opsigte van etiese reëls en wat is my houding ten opsigte van 'n sekere lewensituasie? Wat beteken dit vir my as enkel individu om in hierdie spesifieke situasie te wees? Hoe tree ek as unieke enkeling op in 'n unieke situasie? © Unisa Press

situasie wees as wat ek is nie en niemand kan ook nie ek wees nie - elke enkeling is uniek, elke situasie is uniek. Hoe tree ek as enkeling alleen op wanneer ek in my situasie is?

D.C.S. Oosthuizen stel dit so: "The point of existential communication is to persuade someone that more is involved in appropriating a moral or religious position than understanding its basic tenets or agreeing with its conclusions and principles."<sup>1)</sup>

Dit gaan dus vir Kierkegaard daarom dat die énkeling erns sal maak met die lewe - dat hy die etiese en die religieuse ernstig sal opneem. Die opmerking van J. Heywood Thomas ten opsigte van Kierkegaard se filosofie, "If these points are indeed essential, then they must be expressed in terms of the contemporary linguistic method,"<sup>2)</sup> druis juis in teen die essensie van wat Kierkegaard probeer sê! Dit sou nie verkeerd wees om 'n sekere metode (soos Thomas se metode) toe te pas om Kierkegaard se filosofie te ontleed nie, maar indien die volgende stap nie sou volg nie dit wil sê om te kan sê wat ék sou doen in 'n soortgelyke situasie, wat beteken dit vir mý om as enkeling te staan in relasie tot sekere eties - religieuse situasie ens. dan sou Kierkegaard kan uitroep: die essensiële punt van my filosofie

- 
1. D.C.S. Oosthuizen, Occasional Papers, Rhodes University, Vol. 2, No. 2., December 1966, p. 44, 45.
  2. Op. cit., p. 135.



word nie begryp nie! Die "linguistic analysts" gaan dan gewoonlik ook nie oor tot hierdie tweede stap nie. Kierkegaard het juis sy filosofie geskryf in reaksie teen 'n "uitsluitlike metode" van sy tyd. Vir Kierkegaard kan geen metode of stel reëls as absoluut verhef word nie, dit gaan om die ék wat die lewensituasies as enkeling op sy unieke manier moet kan hanteer.

Kierkegaard het ook die uiters belangrike punt ingesien dat die enkeling gekonfronteer wil wees met die Gans Andere. Vir die enkeling in sy eksistensie gaan dit wel om wat buite en bokant hom is, sy relasie tot dit wat "Anders" as hyself is - die mens is na sy wese religieus. Die religieuse kry by Kierkegaard 'n sentrale en ereplek: "The thing is to understand myself, to see what God really wishes me to do; the thing is to find a truth which is true for me, to find the idea for which I can live and die."<sup>1)</sup>

Die reeds genoemde kritiek teen Kierkegaard dat hy die enkeling só "vereensaam" en isoleer dat die enkeling in sy medemenslike verhoudings nié tot sy reg kom nie, is soos reeds aangetoon in 'n sekere mate gegrond. In die woorde van J. Kruithof word hierdie kritiek saamgevat wanneer hy sê:

---

1. Alexander Dru, The Journals of Søren Kierkegaard, p. 44.

"In deze stadia is tevens de sociale dimensie, het zich verbonden voelen met andere mensen, de maatschappelijke inzet, afwezig"<sup>1)</sup> en verder; "De menselijke existentie is by de Deense filosoof negatief geladen, wij leven eenzaam, geïsoleerd van de wereld en die ander, onbegrepen."<sup>2)</sup> Kruithof noem in sy referaat die redes waarom Kierkegaard tot so 'n beskouing gekom het; sy persoonlike lewe, die wêreld - en lewensbeskouing van sy milieu ens. en beskuldig Kierkegaard dan van "uitzichtloos subjektivisme", "kleinburgerlijk individualisme" en die enkeling "als een wezen dat noodzakelijkerwijze ontevreden en ongelukkig is."<sup>3)</sup> Ten slotte is sy gevolgtrekking dat Kierkegaard se filosofie pre-nihilistiese individualisme is.<sup>4)</sup>

Nou kan myns insiens opgemerk word dat waar die sosiale dimensie, die ek-medemens relasie, nie tot sy volle reg by Kierkegaard kom nie, dit nog nie wil sê dat 'n ek-u relasie vanuit Kierkegaard se spesifieke subjektiewe benadering uitgesluit word nie; intendeel, dit sou moontlik wees om 'n bevredigende ek-u relasie vanuit die Kierkegaard standpunt uit te bou waarin die sosiale dimensie tot sy reg

- 
1. Prof.dr. J. Kruithof, Kierkegaard Herdenking, Werken Uitgegeven door het Rectoraat van de Rijksuniversiteit te Gent, Nummer 10, p. 43.
  2. Ibid., p. 44.
  3. Ibid., p. 45.
  4. Cf. ook Karl Löwith, op. cit., p. 383 waar hy dit stel dat nihilisme by beide Kierkegaard en Stirner 'n probleem is.

kom. Dat Kierkegaard dit nié gedoen het nie, wil nié sê dat so 'n benadering vanuit sy beskouinge uitgesluit word nie. Die indirekte beroep wat Kierkegaard doen op elke individu om as verantwoordelike enkeling eksistensiële beslissings te neem - wat vir hom belangrik is in sy situasie, wat vir hom die waarheid is, ens. kan juis ten doel hê 'n sinvolle sosiale dimensie bestaande uit verantwoordelike, passievol geïnteresseerde enkellinge.

Stirner se kategorie van die enkeling is uiters negatief. Nie alleen word alle waarneming deur Stirner gereduseer tot die "ek" nie, maar die "ek" word heeltemal verabsoluteer. Die wêreld wat Stirner waarneem, word 'n substansielose wêreld en ten slotte verdwyn die enkeling in die niks waaruit hy voortkom. Die positiewe waarde van Stirner se filosofie lê daarin, dat hy, netsoos Kierkegaard, maar op 'n baie meer negatiewe wyse, die begrip enkeling uitgelig het en die klem laat val het op die uniekheid van die enkeling en sy eiendom en dit sentraal geplaas het binne die kader van die filosofie - al is die uiteindelijke resultaat van Stirner se beskouing 'n volslae skeptisisme.

Ten slotte kan gesê word dat met die gebruik van die term "Einzige" Stirner 'n doelbewuste poging aanwend om die "Einzelne" aan te dui as uniek en enig in die sin van "geslote". Stirner gebruik die woord "Einzige" om aan die "Einzelne" 'n spesifieke kwaliteit toe te ken, 'n kwaliteit

wat reeds in die elementêre betekenis van die woord "Einzige" opgesluit lê. Die enkeling is geïsoleerd en kan sy isolasie geensins ontsnap nie - sy uniekheid lê juis in sy totale afsondering. Kierkegaard se enkeling is uniek en enig in 'n positiewe sin - hy is uniek en enig juis omdat hy oop is na die jy en veral na die u. Kierkegaard se filosofie het dan ook groot invloed gehad nie alleen op die gebied van die filosofie nie, maar ook veral in die teologie en psigologie. Stirner se filosofie is volledig onvrugbaar.

--- oOo ---

KRONOLOGIE VAN KIERKEGAARD SE WERKE

1843	20 Februarie	<u>Either/Or</u>
	16 Mei	<u>Two Edifying Discourses</u>
	16 Oktober	<u>Fear and Trembling</u>
	16 Oktober	<u>Repetition</u>
	16 Oktober	<u>Three Edifying Discourses</u>
	6 Desember	<u>Four Edifying Discourses</u>
1844	5 Maart	<u>Two Edifying Discourses</u>
	8 Junie	<u>Three Edifying Discourses</u>
	13 Junie	<u>Philosophical Fragments or a Fragment of Philosophy</u>
	17 Junie	<u>The Concept of Dread</u>
	31 Augustus	<u>Four Edifying Discourses</u>
1845	29 April	<u>Three Occasional Discourses</u>
	30 April	<u>Stages on Life's Way</u>
	29 Mei	<u>Edifying Discourses</u>
1846	27 Februarie	<u>Concluding Unscientific Postscript</u>
	30 Maart	<u>A Literary Review</u>
1847	13 Maart	<u>Edifying Discourses of Varied Tenor</u>
	29 September	<u>The Works of Love</u>
1848	26 Augustus	<u>Edifying Discourses</u>

- 1849 19 Mei Two Minor Ethico-Religious Treatises
- 30 Julie The Sickness unto Death
- 13 November The High Priest - The Publican - The  
Woman who was a sinner: Three  
Discourses before Communion on  
Friday
- 1850 7 Augustus The Point of View for my work as an  
Author: Two Discourses at the  
Communion on Fridays
- 27 September Training in Christianity
- 20 Desember An Edifying Discourse
- 1851 10 September The Self-examination and Judge for  
Yourselves!
- 1855 Mei-September The Moment

KRONOLOGIE VAN STIRNER SE WERKE

- 1845 Der Einzige und sein Eigenthum<sup>1)</sup>
- 1852 Die Geschichte der Reaktion

---

1. Voor die publikasie van Der Einzige und sein Eigenthum het Stirner 'n paar kort stukke geskrywe, insluitende 'n essay oor opvoedkundige metodes gepubliseer deur Karl Marx in Rheinische Zeitung.

BIBLIOGRAFIE

- Anz, Wilhelm Kierkegaard und der Deutsche Idealismus (J.C.B. Mohr - Paulsieberck), Tübingen, 1956.
- Barret, William Existentialisme. (Het Spectrum), Utrecht/Antwerpen, 1967.
- Blass, Josef  
Leonard Die Krise der Freiheit (A. Henn Verlag), Ratingen bei Düsseldorf, 1968.
- Bonifazi, Conrad Christendom Attacked. A Comparison of Kierkegaard and Nietzsche (Rockliff), London, 1953.
- Brandt, Frithiof Søren Kierkegaard (Det Danske Selskab), Copenhagen, 1963.
- Buber, Martin Between Man and Man (vert. R.G. Smith) (Kegan Paul), London, 1947.
- Carnell, Edward  
John The Burden of Søren Kierkegaard (William B. Eerdmans), Grand Rapids, Michigan, 1965.
- Cochrane, Arthur  
C. The Existentialists and God. (The Westminster Press) Philadelphia, U.S.A., 1957.
- Diem, Hermann Kierkegaard's Dialectic of Existence (vert. H. Knight) (Oliver & Boyd) Edinburgh & London, 1959.
- Dupré, Louis Kierkegaard as Theologian (Sheed and Ward), London, 1963.
- Fahrenbach, Helmut Kierkegaards Existenzdialektische Ethik (Vittorio Klostermann), Frankfurt am Main, 1968.
- Fischer, Friedrich  
Carl Existenz und Innerlichkeit (verlag C.H. Beck), München, 1969.
- Garellick, Herbert  
M. The Anti-Christianity of Kierkegaard (Martinus Nijhoff), The Hague, 1965.
- Geismar, D. Eduard Sören Kierkegaard (Van den Hoeck & Ruprecht), Göttingen, 1929.
- Gerdes, Hayo Sören Kierkegaard Leben und Werken (Walter de Gruyter & Co.), Berlin, 1966.

- Grimault, Marguerite Kierkegaard - Leven en werk (Het Spectrum), Utrecht/Antwerpen, 1967.
- Heiss, Robert Hegel - Kierkegaard - Marx (Het Spectrum), Utrecht/Antwerpen, 1969.
- Hohlenberg, Johannes Sören Kierkegaard (vert. T.H. Croxall) (Routledge & Kegan Paul Ltd.), London, 1954.
- Leemans, Victor Sören Kierkegaard (Uitgeversmij N.V. Standaardboekhandel), Antwerpen - Amsterdam, 1956.
- Löwith, Karl Von Hegel zu Nietzsche (Europa-Verlag), Zürich/Wien, 1941.
- Mauthner, Fritz Der Atheismus und seine Geschichte im Abendlande (George Olms), Hildesheim, 1963.
- Patrick, Denzil G.M. Pascal and Kierkegaard (Lutterworth Press), London, 1947.
- Price, George The Narrow Pass. A Study of Kierkegaard's Concept of Man. (Hutchinson & Co. Ltd.), London, 1963.
- Roberts, David E. Existentialism and Religious Belief. (Oxford Univ. Press), New York, 1957.
- Rohde, Peter Sören Kierkegaard (George Allen & Unwin Ltd.), London, 1963.
- Roubiczek, Paul Existentialism for and against (University Press), Cambridge, 1966.
- Smart, Ninian Philosophers and religious truth (SCM Press), London, 1964.
- Schmid, Heini Kritik der existenz (Evz-verlag), Zürich, 1966.
- Schulz, Walter Sören Kierkegaard. Existenz und System. (Günther Neske), Pfullingen, 1967.
- Smit, Harvey Albert Kierkegaard's Pilgrimage of Man (W.D. Meinema N.V.), Delft, 1965.
- Thomas, J. Heywood Subjectivity and Paradox (B. Blackwell), Oxford, 1957.



- Van Munster, H.A.      Søren Aabye Kierkegaard (Lannoo), Den Haag, 1963.
- Wahl, Jean              Philosophies of Existence (Routledge & Kegan Paul), London, 1969.
- Warnock, Mary        Existentialist Ethics (Macmillan), New York, 1967.
- Weiland, J. Sperna    Philosophy of Existence and Christianity (Van Gorcum & Co.), Assen, MCMLI.
- Zuidema, S.U.         Denkers van Deze Tijd (T. Wever), Franeker, Geen datum.

--- oOo ---

WERKE VAN SØREN KIERKEGAARD

Concluding Unscientific Postscript to the Philosophical  
Fragments

(vert. D.F. Swenson & W. Lowrie)  
(Princeton Univ. Press), Princeton, 1941.

Edifying Discourses

(Ed. Paul L. Holmer), (Collins), London & Glasgow, 1958.

Fear and Trembling and the Sickness unto Death

(vert. Walter Lowrie) (Doubleday & Co.) New York, 1954.

Philosophical Fragments

(vert. David F. Swenson) (Princeton Univ. Press),  
Princeton, 1962.

Purity of Heart

(vert. Douglas Steere) (Collins), London & Glasgow, 1948.

Stages on Life's Way

(vert. Walter Lowrie) (Schocken Books), New York, 1967.

The Concept of Dread

(vert. Walter Lowrie), (Princeton Univ. Press), Princeton,  
1957.

The Journals of Søren Kierkegaard

(Ed. Alexander Dru) (Collins), London & Glasgow, 1958.

The Point of View for my work as an Author

(vert. Walter Lowrie) (Harper & Row), New York, 1962.

The Present Age

(vert. Alexander Dru) (Collins), London & Glasgow, 1962.

WERK VAN MAX STIRNER

Der Einzige und sein Eigenthum

(verlag von Otto Wigand), Leipzig, 1845.

TYDSKRIFTE EN ARTIKELS

- Gill, Jerry H. "Kant, Kierkegaard, and Religious Knowledge," Philosophical and Phenomenological Research, Vol. XXVIII, No. 2, December 1967.
- Hamilton, Kenneth M. Kierkegaard on Sin, Scottish Journal of Theology, Vol. 17, No. 3, September 1964.
- Herbert, R. Two of Kierkegaard's uses of "Paradox" Philosophical Review, 1961.
- Kierkegaard Herdenking Werken uitgegeven door het Rectoraat van de Rijksuniversiteit te Gent, Nummer 10, 1964.
- Klemke, E.D. Some insights for ethical theory from Kierkegaard, Philosophical Quarterly, Vol. 10, 1960.
- Oosthuizen, D.C.S. Kierkegaard and Existentialism, Occasional Papers of the Department of Philosophy, Rhodes University, Vol. 2, No. 2, December 1966.

--- oOo ---

SAMEVATTING

DIE KATEGORIE VAN DIE ENKELING BY SØREN KIERKEGAARD EN MAX  
STIRNER

deur

Andrew Pieter du Toit

verhandeling voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes vir die graad Magister Artium in Wysbegeerte in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte aan die Universiteit van Pretoria.

Studieleier: Prof. P.S. Dreyer

Die tema van hierdie verhandeling is 'n vergelykende studie van die kategorie enkeling by Søren Kierkegaard en Max Stirner met die doel om punte van ooreenkoms en basiese verskille uit te wys. Daar word gepoog om deur 'n analise van begrippe wat binne die kategorie van die enkeling val, nuwe lig te werp op die twee denkers se filosofie. Hierdie probleemstelling bring mee dat daar gedurig vergelykend gewerk word, maar dat die uiteensetting ook beperk word tot daardie basiese begrippe wat die vergelyking duidelik na vore bring.

So word in hoofsaak dan die volgende behandel:

Die probleem van denke en syn soos dit by die twee denkers voorkom, word ondersoek. Beide Kierkegaard en Stirner stel die eksisterende enkeling as die sentrale begrip in die soeke

na 'n relasie tussen denke en syn. Belangrike verwante eksistensiebegrippe kom voorts onder bespreking; die stel van die self en selfkeuse, selfbewussyn, moontlikheid en wording, eksistensie, essensie, reële en ideële syn. By die ontleding van hierdie begrippe word duidelik aangedui hoe verskillend die antwoorde was wat Kierkegaard en Stirner gegee het in die lig van die filosofiese probleme van hulle tyd. Wanneer Kierkegaard die enkeling stel as eindig-oneindig word die moontlikheid meteen gestel vir 'n relasie van die enkeling tot God, terwyl Stirner die enkeling slegs as oneindig sien. Die begrippe "sprong" en "oomblik" gee die sleutel tot die verstaan van Kierkegaard se filosofie en stel meteen ook die moontlikheid dat "die enkeling voor God" kan staan. Stirner en Kierkegaard se beskouing van "gees" is wyd uiteenlopend en illustreer duidelik Stirner se negatiewe denke en Kierkegaard se positiewe siening. Kierkegaard stel die begrip subjektiwiteit as antwoord op die vraag na die waarheid, terwyl Stirner ook van hierdie prinsipe uitgaan, maar 'n heel ander resultaat bereik.

Kierkegaard stel die moontlikheid van 'n etiese lewe waarin die enkeling hoër as die universele is. Beide Stirner en Kierkegaard trek te velde teen die moraliteit van hulle tyd, maar op heel verskillende wyse - dit blyk veral uit die inhoud wat hul gee aan begrippe soos "vryheid" en "massa". Kortliks word aangedui hoe Kierkegaard se filosofie uitloop op die finale stadium van religieusiteit deur die stel van begrippe soos sonde, skuld, angs ens. Stirner verwerp alle

forme van godsdiens as blote verbeeldingsvlugte.

Die resultaat van die studie is dat hoewel daar enkele ernstige besware ingebring kan word teen Kierkegaard se siening van die "enkeling", hy nogtans 'n baie belangrike bydrae tot die filosofie lewer. Die positiewe van sy siening lê juis daarin dat die "enkeling" oop is vir 'n relasie tot die jy en veral die U. Stirner se beskouing loop uit op 'n volslae skeptisisme en is volledig onvrugbaar. Stirner en Kierkegaard se uiteindelijke siening van die "enkeling" is wyd uiteenlopend en die basiese verskil kan reeds aangetoon word in die gebruik van die terme "Einzige" en "Einzeln"; Kierkegaard se "enkeling" is uniek en enig op 'n heel ander wyse dan Stirner se "enkeling".

--- o0o ---

SUMMARY

THE CATEGORY OF THE INDIVIDUAL IN SØREN KIERKEGAARD AND MAX  
STIRNER

by

Andrew Pieter du Toit

thesis submitted in partial satisfaction of the requirements for the degree Magister Artium in Philosophy in the Faculty of Arts and Philosophy at the University of Pretoria.

Tutor: Prof. P.S. Dreyer

This thesis is a comparative study of the category of the individual as developed by Søren Kierkegaard and Max Stirner. The object of the comparison is with a view to pointing out the similarities and basic differences which may exist in their thought. An attempt is made to provide new perspective on the philosophy of the two authors. The analysis is restricted to those concepts of particular interest for a comparison of this nature.

The following main points are considered: For Kierkegaard and Stirner the "existing individual" is a central concept in the correlation between thought and being. A number of important related existential concepts are analysed; the positing of the self and "to choose oneself", selfconsciousness, possibility and becoming, existence, essence,



factual and ideal being. The analysis of these concepts also illustrates the various answers put forward by Stirner and Kierkegaard on the philosophical problems of their age. For Kierkegaard the individual is finite-infinite, whereas Stirner says the individual is only finite. Kierkegaard posits the categories "leap", "moment" etc. and eventually the individual is seen as being "before God". Stirner's view of the "spirit" is negative, whereas Kierkegaard's approach is positive. For Kierkegaard and Stirner the answer to the problem of truth is subjective, but in their analysis they reach totally different views.

Kierkegaard posits the possibility of an ethical way of life wherein the ethical can also be suspended. Stirner and Kierkegaard both reject the morality of their age, but again they have different viewpoints on "freedom" and the "crowd". Kierkegaard puts forward a final stage - the religious stage; the concepts sin, guilt, dread etc. are of importance. For Stirner any form of religious life is an illusion.

The conclusion reached is that although serious points of criticism can be raised against Kierkegaard's view his contribution to philosophy is of great importance. For Kierkegaard it is possible for the individual to be in a specific relation to other individuals; and also possible to be in a relationship with God. Kierkegaard and Stirner's

views on the individual are eventually quite different: Stirner's philosophy ends in a complete scepticism. The basic and initial differences between these two philosophies is already indicated in the use of the terms "Einzige" and "Einzelne" - Kierkegaard's individual is a "unique" and "single one" in quite a different way from Stirner's individual.

--- o0o ---